HOOFSTUK 3

3. DIE ONDERWYS VAN IMMIGRANTEKINDERS IN DIE BEPAALDE NYWERHEIDSGROEIPUNT VAN DIE R.S.A.

3.1 Inleiding

Die toevoeging van nagenoeg 7 000 immigrantekinders[1] tot die tradisionele skoolbevolking in die R.S.A., as gevolg van immigrasie, maak dit nodig dat die Departement van Immigrasie, onder meer met die Departement van Nasionale Opvoeding oorleg pleeg, omdat die Departement van Immigrasie nie ook nog die inburgering van immigrante kan behartig nie[2] en die onderwys by uitstek dié inburgeringsmedium is[3]. In die vorige hoofstuk is op die maatreëls wat die Departement van Nasionale Opvoeding en die onderwysdepartemente getref het vir die onderwys van immigrantekinders, gewys[4]. Dié onderwys word vanweë menslike beperkings slegs in 'n verteenwoordigende gebied ondersoek om 'n objektiewe beeld van die didakties-pedagogiese situasie waarin immigrantekinders hulle in die R.S.A. bevind, te verkry, om tekortkomings aan te stip en om vas te stel in welke situasie die immigrantekinders die beste vorder.

In hierdie hoofstuk, waar die onderwys van immigrantekinders in die bepaalde nywerheidsgroeipunt van die R.S.A. nagegaan word[5], gaan dit dus om die immigrantekind in die sekondêre

---

1. Vergelyk paragrawe 2.6.2, tabel 3, en 2.6.3, tabel 4.
2. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 April 1961 tot 30 Junie 1968, p. 10.
3. Meyer, P.J. Die kulturele inskakeling van die immigrant by die Afrikaner. Referaat gelewer by die Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant, Johannesburg, M.E.I., Sept. 1972, p. 84.
4. Vergelyk paragraaf 2.5.5.3.
5. Vergelyk paragraaf 1.3, kaart 1.

idiostante kring van die Suid-Afrikaanse skool[6]. By die toe= trede van die immigrantekind as opvoedeling in dié Suid-Afrikaanse kultuurkring moet die herkoms van die immigrantekind in perspek= tief gesien word voordat die skoolorganisasie, die inhoud van die onderwys, die metode en hulpmiddels, personeel en ouers van immigrantekinders sistematies beskryf word, aangesien die kind se herkoms die intraverhouding in die didakties-pedagogiese situasie beïnvloed[7]. Dit is egter eers nodig om aan te dui hoe die gegewens, wat in hierdie en die volgende hoofstuk ver= vat is, verkry is.

3.2 Die metode van ondersoek

Die gegewens van hierdie deskriptiewe ondersoek[8] is verkry deur die betrokke nywerheidsgroeipunt[9] in die R.S.A. in twee te verdeel, naamlik 'n Transvaalse yster-en-staalnywerheids= gebied en 'n Vrystaatse petrochemiese nywerheidsgebied, omdat die onderwysadministrasie van Transvaal en die Oranje-Vrystaat verskil[10]. Die 31 skole[11] van die betrokke nywerheidsgroei= punt is as universum[12] vervolgens geklassifiseer in sekondêre, primêre en kleuterskole. Ter wille van die anonimiteit is nom= mers aan skole, waarvan daar meer as een in 'n kategorie is, toe= geken[13]. Die kleuterskole is ingesluit om bykomende gegewens

---

6. Vergelyk paragraaf 1.4.3.
7. Loc. cit.
8. Fox, D. J. The research process in education, pp. 423 - 453.
9. Vergelyk paragrawe 1.3, kaart 1, en 3.4.3.1, kaarte 2 en 3.
10. Behr, A.L. & Macmillan, R.G. Education in South Africa, p. 23.
11. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14, en kaarte 2 en 3.
12. Fox, D. J. Op. cit., pp. 63 - 66.
13. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14, en kaarte 2 en 3.

te verkry, wat betrekking het op die ondersoek, wat beperk is tot primêre en sekondêre skole. 'n Universum van 17 608 kinders, waarvan 2 022 immigrantekinders is, woon die betrokke skole by[14]. Klasopnames is gedurende 1972 gedoen, gegrond op die statistiese definisie van 'n immigrantekind[15] om die immigrantekinders in kategorieë volgens nasionaliteit in te deel en sodoende tabelle van die verspreiding van immigrantekinders in die 31 skole op te stel.

Weens die groot getal immigrantekinders in die betrokke skole moes daar noodwendig van 'n steekproef gebruik gemaak word, daar dit vir een persoon fisies onmoontlik is om die universum te betrek[16]. Om die steekproef so ekonomies maar so verteenwoordigend as moontlik te maak, is die metodes van gestratifiseerde ewekansige steekproefneming en van doelbewuste steekproefneming aangewend[17].

'n Doelbewuste gestratifiseerde steekproef van skole is uit die universum van 25 primêre en sekondêre skole getrek sodat skole met hoë persentasies immigrantekinders nie weggelaat sou word nie. Daarom is al die Engelsmediumskole, al die Afrikaansmedium sekondêre skole, al die parallelmedium sekondêre en primêre skole en die spesiale skool doelbewus gekies[18]. Aangesien die 12 Afrikaansmedium primêre skole feitlik homogeen ten opsigte van immigrantegetalle is, is slegs 3 skole, nl. skole nrs. 3, 7 en 11, volgens tabelle van toevallige getalle gekies[19]. Daar is dus 17 skole gekies op die wyse soos in tabel 5 uiteengesit.

---

14. Loc. cit.
15. Vergelyk paragrawe 1.4.1 en 4.3.3.3; Onderhoude met kringinspekteurs en hoofde van skole.
16. Fox, D. J. Op. cit., pp. 63 - 66 en 319 - 351.
17. Schumann, D.E.W. en Bouwer, B. Inleiding tot die statistiek, p. 183.
18. Vergelyk paragraaf 3.2, tabel 5.
19. Raj, D. Sampling theory, pp. 284 - 285.

Die steekproef-immigrantekinders en 'n kontrolegroep Suid-Afrikaanse leerlinge is uit hierdie 17 skole getrek deur gebruik te maak van gestratifiseerde ewekansige en doelbewuste seleksie[20]. Aangesien vergelyking tussen Suid-Afrikaanse en immigrantekinders ten opsigte van enkele aspekte onvermydelik is, soos verder sal blyk, moes 'n kontrolegroep Suid-Afrikaanse kinders ook saamgestel word.

Die aantal kinders in die steekproef vervat in tabel 5 is bereken deur eerstens te bepaal watter persentasie immigrantekinders in elkeen van die skole van die steekproef is. Omdat daar ten minste twee kinders per skool gekies moes word, is die getal per 200 bereken. Die minimum keuse per skool is bepaal deur die getal uit 200 tot die naaste heelgetal te herlei. Die werklike keuse per skool is egter meer as die minimum omdat dit moontlik was om meer kinders te betrek om die gegewens betroubaarder te maak. Die besonder klein getal Diverse immigrantekinders en die afwesigheid van Engelssprekende immigrantekinders in Afrikaansmediumskole het gevolglik daardie kategorieë van die steekproef by 1g. skole leeggelaat. Gevolglik is daar slegs 'n totaal van 90 immigrantekinders vir elkeen van die Engelse en Diverse kategorieë teenoor 120 immigrantekinders in die Kontinentaal-Germaanse kategorie van die steekproef in tabel 5.

Die steekproef-kinders is as volg uit die 17 skole getrek: al die kinders is eers verdeel in immigrantekinders en Suid-Afrikaanse kinders en aan elke kind is 'n nommer gegee volgens die alfabetiese klasregister. Daarna is die skole verdeel in junior primêre (Gr. 1 - St. 2), senior primêre (St. 3 - 5), junior sekondêre (St. 6 - 8) en senior sekondêre (St. 9 - 10) substrata, d.w.s. volgens die stelsel wat nog in 1972 in swang was[21]

---

20. Schumann, D.E.W. en Bouwer, B. Op. cit., p. 183.
21. Transvaalse Onderwysdepartement. Die toepassing en bevordering van gedifferensieerde middelbare onderwys in Transvaal, pp. 1 - 14.

Tabel 5

Getal skole en kinders van die steekproef*

SKOLE	Getal immigrante= kinders per skool	Vereiste steekproef		Minimum keuse per skool	Werklike keuse per skool				
		Per 100	Per 200		Kontrole groep	Immigrante	KG 5)	E 6)	D 7)
Sekondêre skole									
Afrikaans 1	36	2,1[1)]	4,2[2)]	5[3)]	8[4)]	8	6		2
Afrikaans 2	22	1,2	2,4	3	6	6	6		
Afrikaans 3	6	0,3	0,6	1(2)	4	4	4		
Engels	291	16,3	32,6	33	46	46	14	16	16
Privaat Engels	43	2,5	5,0	5	18	18	6	6	6
Parallelmedium	50	2,9	5,8	6	12	12	4	4	4
Tegniese	57	3,2	6,4	7	12	12	4	4	4
Handel	16	0,9	1,8	2	12	12	4	4	4
Spesiale skole									
Spesiale parallel= medium	15	0,9	1,8	2	12	12	4	4	4
Primêre skole									
Afrikaans 3	30	1,7	3,4	4	6	6	4		2
Afrikaans 7	21	1,2	2,4	3	4	4	4		
Afrikaans 11	17	1,0	2,0	2	6	6	6		
Engels 1	468	28,2	56,4	57	60	60	20	20	20
Engels 2	259	15,1	30,2	30	36	36	12	12	12
Privaat Engels	157	9,1	18,2	19	24	24	8	8	8
Parallelmedium 1	96	5,5	11,0	12	18	18	6	6	6
Parallelmedium 2	139	7,9	15,8	16	16	16	8	6	2
TOTAAL	1 723	100	200	207	300	300	120	90	90

*Gegewens verkry van skoolhoofde en paragraaf 3.2.

1) Die persentasie immigrantekinders per skool bv. $\frac{36}{1723} \times \frac{100}{} = 2,1\%$.

2) Daar moet ten minste twee immigrantekinders per skool betrek word, en die aantal per 100 is daarom ook uit 200 bereken.

3) Die minimum aantal immigrantekinders, wat per skool betrek moet word, bereken tot die naaste heel getal.

4) Die werklike keuse van kinders is meer as die minimum keuse omdat dit moontlik was om 'n paar meer kinders te betrek. Hoe meer kinders betrek word, hoe meer gegewens kan verkry word, wat die ondersoek betroubaarder maak.

5) KG = Kontinentaal-Germaanse kinders.

6) Engelse immigrantekinders.

7) Diverse immigrantekinders.

en sedert 1973 gewysig is[22]. Die kinders van die spesiale skool is uit al 17 grade getrek.

Die steekproef-immigrantekinders is getrek deur al die immigrante=kinders van die 17 skole onder te verdeel in drie taalgroepe, nl. Engels, Kontinentaal-Germaans en Diverse[23]. 'n Gestratifiseerde monster is doelbewus so saamgestel dat dié drie subgroepe binne die universum regverdig verteenwoordig is[24]. Die immigrantekinders uit elkeen van die 17 steekproefskole is volgens hulle nommers, taal en standerd in elke substratum of vakkie ingedeel[25], waaruit 'n deelversameling, volgens tabel 5 en tabelle van toevallige ewe=kansige steekproefsyfers, gekies is[26]. So is die minimum keuse van 7 immigrantekinders uit die 6 kategorieë in die Tegniese skool tot 12 vermeerder om 'n minimum van twee kinders per kategorie te kies soos uiteengesit in tabel 6.

Deur hierdie metode vir elkeen van die 17 skole te volg, is die steekproef van 300 immigrantekinders verkry.

Die kontrolegroep Suid-Afrikaanse kinders is op dieselfde wyse getrek deur hulle nommers ook in junior en senior kategorieë in te deel en daaruit 'n deelversameling volgens tabel 5 en tabelle

---

22. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R 2029. Staatskoerant no. 3306, 12 Nov. 1971, pp. 16 - 17; R.G.N. Instituut vir opvoedkundige navorsing. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting in=sake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Deel 1, pp. 1 - 222.
23. Vergelyk paragraaf 3.3.5, tabel 12.
24. Vergelyk paragraaf 3.2, tabelle 5 en 6.
25. Loc. cit.
26. Owen, D.B. Handbook of statistical tables, p. 525.

van toevallige getalle te kies[27].

Tabel 6

Steekproefkeuse van immigrantekinders uit kategorieë in die Tegniese skool

Taalsubstratum	St. 6 - 8	St. 9 - 10
Kontinentaal-Germaans	7 8 9 (10) 11 12 13 (14) 24 25 26 27 28 33 34 35 36 Kies die 4de en 8ste kinders.	54 55 56 60 (61) 62 (63) 64 Kies die 5de en 7de kinders.
Engels	1 2 3 4 5 16 17 18 19 20 21 (22) (30) 31 32 Kies die 12de en 13de kinders.	50 (51) 52 57 58 (59) Kies die 2de en 6de kinders.
Diverse	6 (15) 23 29 (37) 38 39 40 Kies die 2de en 5de kinders	(53) (65) Kies beide doelbewus om ten minste 2 in dié kategorie te hê.

Die toetslinge, nl. die steekproef van 300 immigrantekinders en 300 Suid-Afrikaanse kinders, is geïdentifiseer volgens die toegekende nommers en die alfabetiese klasregister om die nodige

---

27. Loc. cit.

gegewens van elke kind volgens die voorbeeld van tabel 7 te verkry. Hierdie persoonlike gegewens is vir elke kind, vir die tydperk wat die kind op skool is, verkry van hulle kumu= latiewe verslagkaarte, Ed. Lab-kaarte, puntestate, registers en persoonlike onderhoude met immigrantekinders en hulle ouers sowel as deur direkte waarneming om die biografiese gegewens aan te vul[28]. Die statistiese gegewens wat so verkry is, is in tabelle geklassifiseer om verskille, ooreenkomste en verwantskappe aan te dui[29].

Die gegewens met betrekking tot organisatoriese maatreëls ten opsigte van voertaalkeuse, skoolplig, tipes skole, klasindeling, bevordering van immigrantekinders, inhoud van die kurrikulum, onderwysmetode en hulpmiddels veral met betrekking tot spesiale taalonderwys en remediërende en kompensasie-onderrig, personeel-voorsiening en inskakeling van ouers is deels van amptelike en deels van die nie-amptelike dokumente verkry[30]. Verder is die gegewens hoofsaaklik aangevul deur persoonlike mededeling[31] deur middel van gestruktureerde en vrye onderhoude[32] wat op band en met aantekeninge vasgelê is[33]. Die onderhoude is deur bemiddeling van die betrokke kringinspekteurs gevoer met die hoofde van al 17 skole en die kleuterskole, die vyf onderwysers wat spesiaal vir taalonderwys aan immigrantekinders aangestel is, asook met twee onderwyseresse wat voltyds vir Graad 1 benoem is. Persoonlike mededeling oor die inskakeling van immigrante=

---

28. Vergelyk vraelys.
29. Van Dalen, D.B. en Meyer, W.J. Understanding educational research, p. 492.
30. Vergelyk paragraaf 2.5.5.3.
31. Fox, D.J. Op. cit., p. 525.
32. Taute, B. en Janse van Rensburg, J.A. Die navorsing van skoolprobleme, p. 34.
33. Bingham, W. van D. & Moore, B.V. How to interview, pp. 69 - 78.

Tabel 7

Beskikbare gegewens van 'n immigrantekind*

Van	: X[1]
Voorname	: Y[1]
Geboortedatum	: 7. 5. 1953.
Ouderdom	: 18 jr. 4 mnde.
Land van herkoms	: Griekeland via Brasilië na die R.S.A.
Datum gearriveer	: 1. 12. 1964.
Plasing by aankoms	: St. 2 op 11 jr. 7 mnde.
Huidige klas	: St. 9 in St. X-kursus op versoek van vader.
Huisadres	: Huis in ghettogebied.
Nasionaliteit van ouers	: Grieks.
Beroep van vader	: Kunstruksiewerker.
Beroep van moeder	: Huisvrou.
Kerkverband	: Grieks-Ortodokse Kerk.
Huislike lewe	: Vader vir lang tydperke afwesig op konstruksiewerk. Streng vaderlike dissipline.
Skoollewe	: Swak aangepas : aggressief, onbeheerbaar; glad nie aanvaar deur ander immigrante of Suid-Afrikaanse kinders nie, praat slegs met Grieke in pouse. Twee maal gedreig met skorsing. Praat Kreoolse taal.
Skoolbywoning	: Uiters wisselvallig deurdat kind vir 1 of 2 dae elke week afwesig is. Die skoolbesoekbeampte het al ondersoek ingestel.
Buitemuurse aktiwiteite	: Goeie atleet maar na atletiekseisoen verby is, neem hy aan geen ander buitemuurse aktiwiteite deel nie. Werk smiddae in 'n kruidenierswarewinkel - smous met kruidenierswarewinkel by skool.
Toekoms	: Wil na universiteit gaan om B. Comm. te neem (1971).
Intelligensiekwosiënt	: NV. V. T. 78 ....[2] 1967. 95 -75[3] 83 1970.

Skolastiese prestasie:

Jaar	Standerd	Afr. %	Eng. %	Rek. %	Wisk. %	Wet. %	Gesk. %	Geogr. %	H.W. %	Boekh. %	Gem. %
1964	2										
1965	3	45	45	85							59
1966	4	45	45	65							43
					Op ouderdom oorgeplaas na St. 6						
1967	6 A P K	34	44	57			43				44
1968	6 C	67	44	61		54	34		38		46
1969	7 C	40	44	81	65	36	46	55	51	71	54
1970	8 C	35	42	67	41	38	38	35	37	51	42
1971	9 C	31	26		26	23		21		30	26
1972	9 C	35	30		42	19	12	39			29,5

Aanmerkings oor skolastiese prestasie : Swak taalkennis veroorsaak dat punte in Geskiedenis en Aardrykskunde laag is omdat vrae deels a.g.v. swak taalkennis verkeerd geinterpreteer word. Swak keuse om Boekhou deur Geskiedenis te vervang by herhaling van St. 9 daar die kind 'n aanleg vir syfers het.

* Gegewens verkry soos beskryf in paragraaf 3.2.

1) Nie verstrek met oog op vertroulikheid.

2) Vergelyk paragraaf 4.3.9.

3) Loc. cit.

leerlinge is deur 40 klas- en vakonderwysers verskaf[34].

Gestruktureerde onderhoude[35] is ook gevoer met een onderwyser van elkeen van die Franse, Griekse, Portugese, Duitse en Italiaanse private skole om die aantal leerlinge, skoolure en inhoud van die sillabusse vas te stel[36].

Persoonlike waarneming is naas persoonlike mededeling die aangewese metode vir hierdie deskriptiewe ondersoek, veral met betrekking tot evaluering en vergelyking[37], en dit kon deur die skryfster 10 jaar lank in 'n skool met 'n hoë persentasie immigrantekinders gedoen word. Aangesien dit die eerste ondersoek van dié aard is wat in die R.S.A. onderneem is, is persoonlike waarneming dié aangewese metode om die gegewens uit die bestaande situasie te agterhaal. Hierdie direkte waarneming as deelnemer in die normale didaktiese-pedagogiese situasie het volgens Fox twee voordele:

"the observer has first hand experiences which provide him with insights into what the situation is like that he can never obtain as a nonparticipating observer. Only as a participant does the observer feel the pressures operating in the situation, and only with a feeling for these pressures can he understand how and why the other participants respond as they do"[38].

Gedurende die 10 jaar is die informele metode van aantekeninge van die gedrag en anekdotes gebruik om belangrike insidente ten opsigte van immigrantekinders in die klaskamer

---

34. Taute, B. en Janse van Rensburg, J.A. Op. cit., pp. 23 en 24.
35. Fox, D. J. Op. cit., p. 525.
36. Vergelyk vraelys.
37. Fox, D. J. Op. cit., pp. 492 - 523.
38. Ibid., pp. 513 - 514.

en skool aan te teken en om veranderinge wat met verloop van tyd voorgekom het, aan te dui. Die persoonlike waar= neming deur deelname is verder gedurende 1972 aangevul deur direkte waarneming met behulp van 'n kontrolestaat in die 17 skole van die steekproef.

3.3 Die immigrantekind

Die statistiese definisie soos gebruik om die aantal immi= grantekinders op skool in die ondersoekterrein en hulle her= koms te identifiseer, is: " 'n immigrantekind is 'n kind van ouers, wat as vreemdelinge ingevolge die geldende wetsbepa= lings wettig tot die R.S.A. vir permanente verblyf daarin toegelaat is en vir Suid-Afrikaanse burgerskap deur naturali= sasie in aanmerking kom of eventueel kan kom, of tydens die leeftyd van die kind reeds Suid-Afrikaanse burgerskap deur naturalisasie verkry het"[39].

Die immigrantekind tree as vreemdeling tot die Suid-Afrikaanse kultuurkring in die skool toe. Daarom is 'n oriëntering ten opsigte van die herkoms van die immigrantekind nodig voordat die skool se oriënterings-, sosialiserings- en vormingstaak nagegaan word of die immigrantekind se skolastiese pogings beoordeel of geëvalueer word[40]. Vanweë die ekonomiese, demografiese, sosiale en kulturele oorwegings wat immigrasie motiveer, is dit vervolgens nodig om aandag aan die sosio-ekonomiese, nasionale, genetiese, godsdienstige en taalher= koms van die immigrantekinders te skenk.

---

39. Vergelyk paragrawe 1.4.1 en 4.3.3.3.
40. Van der Stoep, F. & van der Stoep, O.A. Didaktiese oriëntasie, pp. 87 - 106.

3.3.1 Die sosio-ekonomiese herkoms van die immigrantekind

Daar is volgens die definisie van die immigrantekind bepaal dat daar 2 022 immigrantekinders op skool is in die betrokke nywerheidsgroeipunt[41]. Hulle is hoofsaaklik kinders van immigrante wat om ekonomiese oorwegings, met die oog op 'n beter lewenspeil en sosiale posisie, geïmmigreer het om in die mannekragbehoeftes van die nywerhede te voorsien, soos blyk uit tabel 8 wat die beroepsindeling van ouers van kinders in die steekproef opsom. Talle van hierdie kinders, afkomstig uit die oorbevolkte swaarnywerheids- of agrariese arm gebiede, toon tekens van kulturele verstokenheid[42]. Daar is 100 van hierdie immigrantekinders wie se moeders ook in die beroepe van tabel 8 werksaam is, o.a. as fabriekswerksters in die swaarnywerhede, bv. as kraandryfsters of tinplaatsorteerders[43]. Die Suid-Afrikaanse ouers het saam met die immigrante na die nywerhede in-migreer van die platteland af om in die nywerheidsarbeidsvraag te voorsien en omdat dit ook aan hulle beter ekonomiese vooruitsigte bied[44].

Tabel 8

Beroepsindeling van ouers van die kinders van die steekproef*

Beroep	Ouers van immigrantekinders	Ouers van Suid-Afrikaanse kontrolegroep
Fabrieks- en konstruksiewerkers	280	280
Professioneel en tegnies	10	15
Verkoops- en verwante werkers	10	5
Totaal	300	300

*Gegewens verkry uit persoonlike verslagkaarte van kinders.

41. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
42. Vergelyk paragraaf 1.4.6; Bloom, B.S. Davis, A. & Hess, R. Compensatory education for cultural deprivation, p. 72.
43. Persoonlike waarneming.
44. Loc. cit.

Die immigrante vestig hulle hoofsaaklik by die swaar nywerheede, soos blyk uit die konsentrasie in die yster-en-staal=nywerheidsgebied van kaart 2[45]. Hulle word hoofsaaklik in behuisingskemas van die nywerhede wat hulle in diens neem, gehuisves. Hierdie nywerhede bied ook 'n heenkome aan vlugtelinge, wat dikwels al hulle besittings verloor het.

Die in-migrant sowel as die immigrant, van die ekonomies arm lande[46] en sommige vlugtelinge, immigreer nie net om ekonomiese redes nie, maar ook om beter onderwysgeriewe vir hulle kinders[47]. Hierdie immigrantekinders se skolastiese agtergrond varieer volgens die sosio-ekonomiese herkoms van die ouers[48]. Gevolglik kom kompetisie in die ekonomiese sektor sowel as in die onderwys voor, wat aanleiding gee tot konflik in die skool[49]; 'n verskynsel wat in besonderhede in hoofstuk 4 beskryf word[50].

3.3.2 Die nasionale herkoms van die immigrantekind

Die nasionale herkoms van die immigrantekinders blyk uit tabel 9.

---

45. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1;
Onderhoude met werwingsbeamptes van nywerhede en hoofde van skole.

46. Vergelyk paragraaf 3.3.2.

47. Persoonlike mededeling deur ouers.

48. Lawton, D. Social class, language and education, p. 38;
Kerr, D. Schools of Europe, pp. 60 - 183.

49. Allport, G.W. The nature of prejudice, pp. 214 - 233 en 480.

50. Vergelyk paragraaf 4.5.2.

Tabel 9

Nasionale herkoms van immigrantekinders op skool in die ondersoekterrein, 1972*

Land van herkoms[1)]	Aantal kinders	% van universum	Land van herkoms	Aantal kinders	% van universum
Afrika lande	32	1,58	Nederland	274	13,55
Australië	3	0,15	Oostenryk	4	0,20
V.S.A.	6	0,29	Pole	2	0,10
Kanada	3	0,15	Portugal	387	19,19
België	25	1,23	Denemarke	4	0,20
Duitsland	278	13,74	Switserland	1	0,05
Frankryk	111	5,49	Spanje	58	2,86
Griekeland en Ciprus	101	4,99	Verenigde Koninkryk	649	32,09
Joego-Slawië	7	0,34	Iran (Persië)	1	0,05
Hongarye	6	0,29	Libanon	1	0,05
Tsjeggo-Slowakye	22	1,08	Turkye	1	0,05
Italië	44	2,18	Japan	2	0,10
				2 022	100,00

*Gegewens verkry tydens onderhoude met skoolhoofde en uit lêers van immigrantekinders.

1) Dit is die nasionale herkoms volgens die ouers s'n, maar die nasionaliteit van die kinders kan van dié van die ouers verskil op grond van geboorte omdat hulle burgerskap van 'n land deur geboorte kry.

Die immigrantekinders uit Frankryk kom van die swaarnywerheidsgebiede en sluit ook vlugtelinge uit Algerië in[51]. Immigrasie vanaf die stamlande Duitsland en Nederland word aangemoedig en dié immigrante kom veral van die oorbevolkte swaarnywerheidsgebiede[52]. Die immigrante uit Iran werk op langtermynkontrakte in die petrochemiese nywerhede, terwyl die Japannese onder dergelike omstandighede by die yster-en-staalnywerhede in konsulterende hoedanigheid optree[53]. Die meeste immigrante van Engelssprekende lande is uit oorbevolkte swaarnywerheidsgebiede afkomstig[54]. Emigrasie uit die ekonomies arm lande soos Griekeland en Portugal is hoog vanweë die lande se hoë emigrasiepotensiaal. Sommige van die Grieke is afkomstig uit Ciprus en Turkye en het selfs via Brasilië geïmmigreer[55]. Hoe meer immigrante vanaf 'n land immigreer hoe groter is die neiging tot etnosentrisme, nasionale groepsvorming en opeenhoping van immigrantekinders van een nasionaliteit in 'n skool. Dit is 'n leemte in die onderwys van die ondersoekterrein, en hierdie tendens word in hoofstuk 4 verder ondersoek[56]. Daar is ook 'n aanmerklike verskil ten opsigte van die skolastiese agtergrond van die immigrantekinders uit die verskillende lande, wat onderwysprobleme

---

51. Persoonlike mededeling deur immigrantekinders en ouers.
52. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 April 1961 tot 30 Junie 1968, p. 5.
53. Onderhoude met hoofde van skole.
54. Persoonlike lêers van immigrantekinders.
55. Loc. cit.
56. Vergelyk paragraaf 4.5.2.3.

veroorsaak, nie net omdat die breë nasionale karakter en kultuur van land tot land van dié van die R.S.A. verskil nie maar ook die skoolpligtige ouderdom en onderwyspeil[57].

Die immigrantekinders uit Hongarye en Tsjeggo-Slowakye is kinders van vlugtelinge wat via die TRKEV-lande na die R.S.A. as nuwe vaderland, geïmmigreer het[58]. Hier= die kinders is ook Russies as tweede taal magtig, en hulle is skolasties ver gevorderd[59]. Trouens, in Israel is bevind dat die onderwysstandaard van dié kommunistiese lande hoër is as dié van sommige Westerse lande[60]. Hier= die kinders verskil aanmerklik van die ander immigrante= kinders met wie hulle oor een kam geskeer word as "immi= grantekinders". Hierdie immigrantekinders is vanweë hulle opvoeding in die verskillende lande van herkoms se nasiona= le kultuur, wat gradueel van mekaar verskil, in variërende mate vreemd in die Suid-Afrikaanse didakties-pedagogiese situasie. Hulle verspreiding onderling en tussen die Suid-Afrikaanse kinders is ook 'n probleem omdat hulle aanpassing en vordering bepaal word deur hulle kontak met en bloot= stelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur[61].

---

57. Kerr, A. Op. cit., pp. 60 - 183; Vergelyk paragraaf 4.4.
58. Vergelyk paragraaf 2.5.2.
59. Persoonlike waarneming.
60. Persoonlike mededeling deur die direkteur van onderwys van Israel.
61. Vergelyk paragrawe 3.4.3.1, tabel 14, 4.2 en 4.7.2.3.

3.3.3 Die genetiese herkoms van immigrantekinders

Die immigrantekinders, met uitsondering van die Japannese, in tabel 9 ressorteer volgens hulle genetiese herkoms soos die Suid-Afrikaners onder die Kaukasiese ras, soos blyk uit tabel 10.

Tabel 10

Genetiese herkoms van immigrantekinders*

Die Kaukasiese ras			
Nordiese en Alpynse rasse		Mediterreense en Iraanse rasse	
Afrika	Hongarye	Portugal	Turkye
Australië	Tsjeggo-Slowakye	Spanje	Iran
V.S.A.	Nederland	Italië	Libanon
Kanada	Oostenryk	Griekeland	
België	Pole	Joego-Slawië	
Duitsland	Denemarke		
Switserland	Verenigde Koninkryk		

* Coertze, P.J. Inleiding tot die algemene volkekunde, pp. 1 - 20.

Die immigrantekinders van die Mediterreense en Iraanse rasse is vanweë hulle genetiese herkoms, wat oorerflik is, opvallend in die Suid-Afrikaanse skole. Hulle etniese vreemdheid gee aanleiding tot differensiasie en vooroordeel, wat algemeen by die Nordiese en Alpynse rasse teenoor die Mediterreense en Iraanse rasse bestaan[62]. Hierdie vooroordeel neem met kleur, opvallende sensoriese eienskappe, toenemende getalle en konsentrasie toe en gee aanleiding tot 'n gevoel van antipatie en konflik. Konflik ontstaan in die skole

62. Allport, G.W. Op. cit., p. 135 - 137.

waar hierdie immigrantekinders akkumuleer, en dit motiveer onderwysprobleme, soos die uitwyking van die outochtone skoolbevolking, segregasie en isolasie van immigrantekinders in een klas, wat hierdie kinders se aanpassing en vordering in die Suid-Afrikaanse kultuur rem[63].

3.3.4 Die godsdienstige herkoms van die immigrantekind

Die godsdienstige herkoms van die immigrantekinders hang nou saam met hulle nasionale herkoms. Hulle godsdiens kan in drie kategorieë opgesom word, naamlik Protestants, Rooms-Katoliek en Grieks-Ortodoks. Die Engelse immigrante is oorwegend Protestants, terwyl die immigrante uit die Dietse stamlande Protestants of Rooms-Katoliek is. Die Portugese, Spanjaarde, Joego-Slawe en Italianers, wat in die steekproef betrek is, is Rooms-Katoliek, wat logies is omrede hierdie lande se godsdienstige opvoeding op skool Rooms-Katoliek is[64]. Al die Grieke behoort aan die Grieks-Ortodokse Kerk. Dit is opvallend dat die kinders, veral dié afkomstig uit die ekonomies ontwikkelde lande soos Nederland, Wes-Duitsland en die Verenigde Koninkryk klaarblyklik uit 'n permissiewe gemeenskap kom[65].

Bogenoemde immigrante immigreer in 'n oorwegend Afrikaanse Protestantse gemeenskap in waar hulle in die ondersoekterrein ook die konserwatiewe Protestantse in-migrant ontmoet. Hierdie Protestante is baie bewus daarvan dat die Rooms-Katolieke in die R.S.A. van 1960 tot 1970 van 192 234 tot 304 840 toegeneem het, 'n feit wat hoofsaaklik aan

---

63. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1.
64. Onderhoude met steekproefleerlinge; Vergelyk ook Koch, H.R. Gastarbeiterkinder in deutschen Schulen, p. 56.
65. Onderhoude met immigrantekinders, skoolhoofde en welsynsbeampte sowel as eie ervaring as onderwyseres.

immigrasie toegeskryf moet word[66]. Omdat die Rooms-Katolisisme uit sy eie aard glo dat die Protestantisme 'n fout is en die Roomse standpunt regstreeks in stryd is met die Protestantisme en die Suid-Afrikaanse standpunt van differensiasie en eie= soortige ontwikkeling, is verskeie vertoë in verband met die beperking van Rooms-Katolieke immigrante tot die regering gerig[67]. Hierdie kerkistiese konflik in die gemeenskap word in die onderwys weerspieël in die probleem van opeenhoping van immigrante in die private skool en daarin dat godsdiens die voertaalkeuse van immigrante ten gunste van Engels beïnvloed - tendense wat nie opvoedkundig gemotiveer is nie en later in hoofstuk 4 bespreek word.

3.3.5 Die taalherkoms

Taal is die kultuursisteem waarmee die immigrantekind die werklikheid verken, hom kan handhaaf en in dialoog met die taalgemeenskap tree. Taal is 'n grondvoorwaarde vir die totale ontplooiing van die mens[68]. Daarom is dit nodig om besondere aandag aan die taalherkoms van die immigrantekind te gee, veral ook omdat die taalherkoms bepaal hoe gou taalkontak met die immigrantekind gemaak kan word om die intraverhouding in die opvoedingskring te herstel[69].

Die oorsprong en verwantskap van die tale wat deur die immi= grantekinders[70] gepraat word, is in tabel 11 uiteengesit vol= gens die genealogiese taalindeling[71].

---

66. Republiek van Suid-Afrika. Buro vir Statistiek. Statistiese Jaarboek 1970, p. A - 36; Republiek van Suid-Afrika. Departe= ment van Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke 1972, p. A - 37.
67. Allport, G.W. Op. cit., p. 444; Minnaar, A.J. Kan Suid-Afrika Protestants bly? Die Kerkbode Deel CX, Jaargang 124, no. 14, 4 Oktober 1972, p. 429.
68. Coetzee, J. C. Algemene empiriese opvoedkunde, p. 127.
69. Herriot, P. Language and teaching, p. 43.
70. Vergelyk paragrawe 3.3.2, tabel 9 en 3.4.3.1, tabel 14.
71. Le Coutere, C.P.F. en Grootaers, L. Inleiding tot de taalkunde en tot de geschiedenis van het Nederlands, pp. 76, 269 en 287.

Tabel 11

Taalindeling van die vernaamste groepe immigrantekinders in die ondersoekterrein. 1972*



*Le Coutere, C.P.F. en Grootaers, L. Inleiding tot de taalkunde en tot de geschiedenis van het Nederlands, pp. 76, 269 en 287.

Al die tale van die immigranteleerlinge[72] kan in hierdie tabel geïdentifiseer word.

Met die oog op 'n ekonomiese oorsigtelike bespreking en om die statistiese metode[73] te vergemaklik, is die immigrantekinders volgens die oorsprong en verwantskap van die tale wat hulle praat, hulle nasionale herkoms en getalle in drie kategorieë verdeel, nl. Kontinentaal-Germaans met insluiting van Noord-Germaans; Engels; en die ander wat nie aparte groepe regverdig nie, is saamgegroepeer onder die hofie Diverse soos blyk uit tabel 12.

Tabel 12

Verdeling van immigrantekinders in drie taalkategorieë*

Kontinentaal-Germaans	Engels	Diverse
Vlaminge	Amerikaners	Switsers (Frans, Italiaans)
Nederlanders	Britte/ Engelse	Franse
Duitsers	Kanadese	Grieke
Dene	Ierе	Joego-Slawiërs
Skandinawiërs (Swede & Nore)	Skotte	Hongare
Oostenrykers	Wallisers	Tsjegge
Switsers (Duits)	Australiërs	Slowake
	Nieu-Seelanders	Italianers
		Pole
		Portugese
		Spanjaarde
		Perse
		Arabiere
		Japannese

*Saamgestel uit tabelle 9, 11 en 12.

72. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
73. Vergelyk paragraaf 3.2.

Hierdie verdeling van immigrantekinders op skool in die onder= soekterrein kan saamgevat word in figuur 1.

Figuur 1

Verdeling van immigrantekinders in drie taalkategorieë*



*Saamgestel uit paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.

In die didakties-pedagogiese situasie word daar nie veel kom= munikasieprobleme ondervind met die Engelssprekende kinders wat by Engelsmediumskole, en die Kontinentaal-Germaanse kin= ders wat by Afrikaansmediumskole inskryf nie. Kommunikasie= probleme ontstaan egter wel wanneer Kontinentaal-Germaanse en Diverse kinders by Engelsmediumskole en Diverse kinders by Afrikaansmediumskole inskryf vanweë die variërende graad van taalvreemdheid. Die skoolkanalisering van kinders vol= gens hulle taalherkoms is 'n leemte wat later uitvoerig be= spreek word, omdat hulle verspreiding volgens hulle voertaal= keuse 'n belangrike aspek van die intraverhouding in die di= dakties-pedagogiese situasie is[74].

3.4 Die skoolorganisasie met betrekking tot die immigrantekind

Die immigrantekind is soos die Suid-Afrikaanse kind kragtens sy

---

74. Maatskappy vir Europese Immigrasie. Jaarverslag 1972/73, p. 6.

menswees tot skoolgaan verplig, afhangende van sy ouderdom[75]. Voordat die skoolpligtige immigrantekind egter tot 'n idiostrukturele skooltipe[76] toetree, moet die ouers eers 'n keuse tussen die twee amptelike tale van die R.S.A. doen.

3.4.1 Die voertaalkeuse

Die bepaling van taalmedium het verreikende implikasies vir die onderwys, wat dit nodig maak om fynere besonderhede en verklarings vir die taalkeuse van immigrante te verstrek.

3.4.1.1 Bepaling van taalmedium

Beide Suid-Afrikaanse en immigrantekinders se voertaal word sedert Mei 1969 by toelating tot skole bepaal volgens art. 2(1)(c) van Wet no. 39 van 1967 van die R.S.A., soos omskryf by Goewermentskennisgewing no. R 809 van 16 Mei 1969[77]. Die groot meerderheid van die toetslinge se voertaalkeuse is egter voor bogenoemde datum bepaal deur Transvaalse en Vrystaatse ordonnansies, nl. Onderwysordonnansie no. 29 van 1953 (art. 37) en Die Ordonnansie op Onderwys, no. 16 van 1954 (art. 50). Volgens hierdie twee onderwysordonnansies word daar by art. 55 en art. 51 respektiewelik bepaal dat Graad 1 die stadium is waarop die onderrig van die ander taal moet begin.

Kommunikasie is die immigrant se primêre probleem[78]. In die ondersoekterrein en die R.S.A. moet die immigrant 'n keuse doen tussen die twee amptelike tale, nl. Afrikaans en Engels. Die voertaalkeuse blyk uit tabel 13./

---

75. Van der Stoep, F. & van der Stoep, O.A. Op. cit., pp. 75 - 106.

76. Stoker, H.G. Christelike opvoedkunde en sy plek in die sisteem van 'n Christelike wetenskap. Christelike opvoedkundekring van Suid-Afrika. Studiestuk no. 8, p. 63.

77. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R 809, Staatskoerant no. 2398, 16 Mei 1969, pp. 6 en 7.

78. Vergelyk paragraaf 1.1;
Haynes, Judith M. Educational assessment of immigrant pupils, p. 14.

Tabel 13

Gebruik van Afrikaans en Engels as medium van onderrig, 1970*

Gebied	AFRIKAANS		ENGELS	
	Aantal leerlinge	Persentasie %	Aantal leerlinge	Persentasie %
Transvaal				
Primêre skole	190 805	70,0	81 625	30,0
Sekondêre skole	101 642	70,0	43 513	30,0
Totaal	292 447	70,0	125 138	30,0
Taalverhouding Afr. : Engels	7 : 3			
Oranje-Vrystaat				
Primêre skole	39 830	90,0	4 409	10,0
Sekondêre skole	22 007	90,2	2 489	9,8
Totaal	61 837	90,0	6 898	10,0
Taalverhouding Afr. : Engels	9 : 1			
Ondersoek-terrein				
Primêre skole	9 146	90,0	1 113	10,0
Sekondêre skole	4 410	89,0	564	11,0
Totaal	13 556	89,0	1 677	11,0
Taalverhouding Afr. : Engels	9 : 1			

*Saamgestel uit tabelle 22, 29 en 30[79] en gegewens verstrek deur die hoofde van die onderwysburo's van Transvaal[80] en die O.V.S.[81]

79. Vergelyk paragraaf 4.3.2, tabel 22.

80. T.O.D. Onderwysbulletin, Vol. XV, no. 2, Junie 1970, pp. 81 en 85.

81. Persoonlike mededeling deur hoof van die Onderwysburo van die O.V.S.

Volgens tabel 13 is Afrikaans die oorwegende taal in albei provinsies, asook in die spesifieke ondersoekterrein. Die omgewingstaal is egter nie 'n bepalende faktor by die vas= stelling van die medium van onderrig nie maar die ouer se keuse wel. Dit hou die gevaar in dat ouers, op ander gronde as suiwer opvoedkundige, 'n voertaal kies waarin die kind nie bedrewe genoeg is nie[82] en wat kontak met die sosiale milieu kan benadeel.

3.4.1.2 Implikasies van die bepaling van die taalmedium

Die belangrikste voorskrifte ten opsigte van die medium van onderrig vir Staats- en staatsgesubsidieerde skole en die implikasies daarvan vir hierdie ondersoek word vervolgens aan= gedui[83].

(1) DIE MOEDERTAAL IS DIE MEDIUM VAN ONDERRIG. Dit impliseer dat al die 34% Engelssprekende immigrantekinders vervat in figuur 1[84] verplig word tot Engels as onderwysmedium; met ander woorde 100% van alle Engelssprekende immigrantekinders gaan na Engelsmediumskole of ontvang in parallelmediumskole onderrig deur medium van Engels[85].

(2) DIE MEDIUM VAN ONDERRIG VAN 'N LEERLING, WIE SE MOEDERTAAL NÓG AFRIKAANS NÓG ENGELS IS, IS DIE AMPTELIKE TAAL WAT DIE LEERLING DIE BESTE KEN OF VERSTAAN. Albei hierdie bepalings impliseer dat Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders Afri= kaans as verwante, verstaanbaarder medium behoort te kies. Tog kies slegs 55% van hulle Afrikaans as medium van onderrig.

---

82. Vergelyk paragraaf 4.3.2.
83. Loc. cit.;
    Vergelyk paragraaf 4.3.2, tabel 22.
84. Vergelyk paragraaf 3.3.5.
85. Vergelyk paragraaf 4.3.2, tabel 22.

(3) DIE MEDIUM VAN ONDERRIG VAN 'N LEERLING WAT NOG AFRIKAANS NOG ENGELS KEN OF VERSTAAN, IS DIE AMPTELIKE TAAL WAT DIE OUER KIES. Dit impliseer dat al die nie-Engelssprekende immigrante wat reeds Engels as tweede taal op skool in die land van herkoms geneem het Engels as amptelike taal kies[86]. Verder kies die immigrantekinders wat in 'n Engelsmedium= kleuterskool was, ook Engels as medium. Ongeag die feit dat kinders soms Afrikaans - as oorwegende omgewingstaal - voor skool aanleer, kies ouers Engels as onderwysmedium. Die dé facto-posisie is dat 97% van die 38% van die Diverse immigrantekinders vervat in figuur 1 Engels as voertaal kies[87].

Dit volg uit bogenoemde en uit figuur 2 dat Engels die oorwe= gende voertaalkeuse van die immigrante in die ondersoekterrein is en dat die immigrante hulle hoofsaaklik by die Engelsspre= kende blankes sal voeg en/of anderstalige vreemde taalgroepe sal vorm[88].

Figuur 2

Voertaalkeuse van immigrantekinders, 1972*



*Saamgestel uit paragrawe 4.3.2, tabel 22, en 4.5.1.2.1, tabel 30.

86. Kerr, A. Op. cit., pp. 77, 88 en 94.
87. Vergelyk paragrawe 3.3.5, 4.3.2, tabel 22 en 4.5.1.2.1, tabel 30; Oosthuizen, J.H.C. Die voertaal (Medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys, R.G.N. verslag no. 06, 1970, p. 11.
88. Vergelyk paragraaf 4.5.1.1.

Volgens dié gegewens kan aanvaar word dat 81% van die immigrante waarskynlik by die Engelssprekende gedeelte van die blankes sal inskakel of anderstalige taalgroepe sal vorm[89]. Die kunsmatige situasie wat ontstaan deurdat 81% van die immigrantekinders Engels as medium van onderrig kies in die omgewing waar Afrikaans die voertaal van 9 uit elke 10 van die Suid-Afrikaanse skoliere is, dui op 'n leemte ten opsigte van die kanalisering van immigrantekinders in skole en bevraagteken die funksionaliteit van die immigranteouers se taalkeuse[90]. Verskillende onderwysprobleme, wat in hoofstuk 4 ontleed word, hou verband met die voertaalkeuse[91].

3.4.1.3 Moontlike verklarings vir die voorkeur aan Engels as medium van onderrig

Die waarskynlike redes vir bogenoemde kommunikasiekeuse is die volgende:

1) Moedertaalonderwys is, soos hierbo getoon, amptelik in staats- of staatsondersteunde skole verpligtend. Al die Engelssprekende immigrantekinders in die universum en die steekproef is dus verplig om Engels as voertaal te kies.

2) Engels is om godsdienstige redes die kommunikasiekeuse van 20 (16,7%) Kontinentaal-Germaanse kinders en 30 (33,4%) Diverse immigrantekinders wat aan die Rooms-Katolieke of Grieks-Ortodokse Kerk behoort[92]. Omdat die Rooms-Katolieke skool 'n Engelsmediumskool is, is Engels vanselfsprekend die

---

89. Loc. cit.

90. Vergelyk vraelys;
Oosthuizen, J.H.C. Op cit., pp. 1 - 38.

91. Vergelyk paragraaf 4.5.2.1.

92. Onderhoude met steekproefleerlinge;
Vergelyk paragraaf 3.2, tabel 5.

voertaal van 100% van die immigrantekinders in dié skool. Die Rooms-Katolieke kerklidmate word nl. aangemoedig om hulle kinders na Rooms-Katolieke skole te stuur.

Die Afrikaansmediumskole is Protestants en dogmaties verskillend van die Grieks-Ortodoksisme en die Rooms-Katolisisme[93]. Vanweë die geloofsverskil voel laasgenoemde groepe hulle meer tuis in die Engelsmediumskole, waar alreeds heelwat Rooms-Katolieke en Grieks-Ortodokse leerlinge is[94]. Engelssprekendes is ook meer ten gunste van immigrasie as hulle Afrikaanssprekende landgenote[95], en daar kan derhalwe verwag word dat immigrante hulle meer tuis sal voel in Engelsmediumskole. Verder funksioneer die Franse en Italiaanse private skole ook in die lokale van die private Rooms-Katolieke skool[96], wat moontlik daartoe kan bydra dat sommige nie-Rooms-Katolieke immigrante hulle by die Rooms-Katolieke skool sal inskryf[97].

In hierdie motivering vir die keuse van die medium van onderrig setel die probleem dat immigrantekinders in Engelsmedium- en Rooms-Katolieke skole akkumuleer en dat dit assimilasie met die oorwegend Afrikaanssprekende

---

93. Minnaar, A.J. Op. cit., p. 430;
Visser, L.L. Die Grieks-Ortodokse Kerk. Die Kerkbode, Deel CX, no. 14, 4 Oktober 1972, p. 447.

94. Du Plessis, A.P. Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika, p. 242;
Persoonlike waarneming.

95. Lotz, J.W. 'n Sosiologiese ondersoek na die houding van stedelike blanke Suid-Afrikaners teenoor die Suid-Afrikaanse immigrasiebeleid, p. 312.

96. Persoonlike mededeling deur die hoof van die Rooms-Katolieke skool.

97. Vergelyk paragrawe 4.3.2, tabel 22, en 3.2, tabel 5.

outochtone bevolking rem[98]. Dit volg ook dat die Rooms-Katolisisme en die Grieks-Ortodoksisme en kerkverband die keuse van die medium van onderrig en skool inderdaad be=invloed.

(3) Engels is die kommunikasiekeuse van 40% van die universum Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders en van 20 (16,7%) van die steekproef-Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders[99]. Engels is ook die kommunikasiekeuse van 97% van die universum Diverse immigrantekinders en van 50 (55,5%) van die steek=proef-Diverse immigrantekinders[100] omrede Engels 'n <u>lingua franca</u> en die handelstaal van die wêreld is[101]. Engels het ook veld gewen as nywerheidstaal in die R.S.A.

Omdat die immigrant sy immigrasiedoelstelling in die materiële sfeer wil verwerklik, verkies hy Engels as medium van onderrig en veral die arbeidertipe immigrant gee voorkeur aan Engels as voertaal. Dit wil dus voor=kom asof voorligting by werwing in die buiteland eensy=dig ekonomies van aard is.

(4) Die voorkeur aan Engels as taalkeuse word ook bepaal deur die lengte van die immigrante se verblyf. Indien hulle hulle verblyf as tydelik bejeën en hulle weer emigreer, is Engels van groter waarde omdat dit as wêreldtaal gebruik kan word[102].

---

98. Vergelyk paragraaf 4.5.2.2.
99. Vergelyk paragrawe 3.2, tabel 6, en 4.3.2, tabel 22.
100. Loc. cit.
101. Burniston, Christabel. Spoken English in future educa=tion, p. 7;
Onderhoude met immigrantekinders en hulle ouers.
102. Loc. cit.

(5) Engels is vir immigrante wat inpassingsprobleme in die land van herkoms gehad het, 'n statussimbool wanneer hulle hulle familie in die ekonomies arm lande gaan besoek. Engels is ook die taal van die besettingstroepe van Wêreldoorlog II en het as sodanig veld gewen in Wes-Europa, waar dit algemeen, naas Frans en Duits, as tweede taal gebruik word[103]. Die Afrikaanse taal en kultuur word hierteenoor as minderwaardig beskou[104].

(6) Engels word as tweede taal in Europese skole aangebied[105]. Om hierdie rede was dit reeds aan 8 (6,7%) Kontinentaal-Germaanse en 5 (5,5%) Diverse immigrantekinders van die steekproef bekend, sodat hulle dit as voertaal gekies het[106]. Die kennis van Engels waaroor immigrantekinders by inskrywing egter beskik, varieer langs 'n kontinuum. Dit wil sê, talle kinders se Engelse woordeskat is by inskrywing nul terwyl diegene met Engels as tweede taal oor 'n variërende woordeskat tussen 0 en 100 beskik, en diegene met Engels as moedertaal volkome beheer oor die taal het[107].

(7) Die meeste immigranteouers is met Engels vertroud en hulle verkies dit om ekonomiese redes[108].

(8) Die meeste woorde- en handboeke is in Engels beskikbaar. Vir sommige tale is daar nog geen Afrikaanse woordeboeke

---

103. Onderhoud met Grange, Pierre. Centre de Recherche et d'Etude pour la Diffusion du Francais; Vergelyk paragraaf 5.3.5.

104. Nel, B.F. Die immigrante en die taal en kultuur van die Afrikaner. Tydskrif vir Geesteswetenskap, Vol.5, no. 4, Desember 1965, pp. 362 - 368.

105. Kerr, A. Op. cit., pp. 77, 88, 94, 101 en 104.

106. Vergelyk paragraaf 3.2, tabel 5.

107. Onderhoude met hoofde van skole, onderwysers en persoonlike waarneming.

108. Onderhoude met ouers van immigrantekinders.

beskikbaar nie[109]. Die geredelike beskikbaarheid van Engelse vakliteratuur maak Engels voorts vir die immigrant van groter waarde met die oog op handels- en nywerheidsopleiding.

(9) Vier gevalle, twee (1,6%) Kontinentaal-Germaanse en twee (2,2%) Diverse immigrantekinders[110], is opgespoor waar die kinders van Afrikaans na Engels as medium van onderrig oorgeskakel het[111], en wel om die volgende redes:[112]

(a) Nadat die leerlinge reeds by Afrikaansmediumskole ingeskryf het, het hulle uitgevind dat daar 'n Rooms-Katolieke skool is. Hulle oorplasing om godsdienstige redes het noodwendig tot verandering van medium van onderrig gelei.

(b) Onbevredigende taalonderrig, wat die indruk van swak ontvangs geskep het. Nadat die immigrantekinders in Afrikaansmediumskole ingeskryf is, het die ouers vernneem dat daar groter getalle immigrantekinders in Engelsmediumskole is en dat in sekere Engelsmediumskole besondere voorsiening vir taalonderrig aan immigrantekinders gemaak word, onder meer deur spesiale onderwysers en klasse.

Dit wil dus voorkom asof daar leemtes bestaan ten opsigte van voorligting aan immigrante oor die taalverhouding van die outochtone bevolking[113], die werklikheid van die tweetaligheidseis op skool en die wetsbepaling ten opsigte van geloofseerbiediging.

---

109. Onderhoud met Botha, J.P. Departement Afrikaans, UNISA 1972.
110. Vergelyk paragraaf 3.2, tabel 5.
111. Loc. cit.
112. Onderhoude met immigrantekinders en hoofde van skole.
113. Vergelyk paragraaf 3.4.1, tabel 13.

Leemtes bestaan ook vanweë die geringe getalle immigrante in Afrikaansmediumskole waar die getalle nie spesiale taalonderrig regverdig nie[114].

Die oningeligte ouer kies dus 'n voertaal op grond van ander as streng opvoedkundige oorwegings, wat probleme teweegbring soos gebrekkige beweeglikheid in taal op skoolvlak, konflik in die taalomgewing en beperkte funksionaliteit van die voertaalkeuse[115].

3.4.1.4 Moontlike verklarings vir die keuse van Afrikaans as medium van onderrig

(1) Afrikaans word as medium van onderrig gekies omdat dit verwant is aan die Kontinentaal-Germaanse tale en die oorheersende taal van die omgewing is[116]. Om dié redes het 70 (58,3%) van die Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders van die steekproef en 60% van die universum Afrikaans as voertaal gekies[117]. Laasgenoemde kinders behoort ook aan die Protestantse kerke.

(2) 'n Klein groepie, nl. drie (3,4%) van die Diverse immigrantekinders van die steekproef en 3% van die universum het Afrikaans as voertaal gekies omdat dit die omgangstaal van die omgewing, die maats, sosiale milieu en die naaste skool is[118].

Hierdie redes is opvoedkundig verantwoordbaar en daarom behoort taalonderrig aan immigrante in Afrikaansmediumskole van so 'n aard te wees dat immigrante nie om taalonderrigredes of swak ontvangs na Engels as medium van onderrig verander nie.

---

114. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
115. Lewis, E.G. Immigrants - their languages and development. Trends in education, no. 19, Julie 1970, pp. 25 - 32.
116. Vergelyk paragraaf 3.3.5, tabel 11;
Onderhoude met immigranteouers en kinders.
117. Vergelyk paragraaf 3.2, tabel 5.
118. Loc. cit.;
Onderhoude met immigrantekinders en hulle ouers.

3.4.2 Skoolplig

Die skoolplig wat vir Suid-Afrikaanse kinders geld, geld ook vir immigrantekinders. Skoolbesoek is verpligtend van die begin van die skooljaar waarin die leeftyd van sewe jaar bereik word tot aan die einde van die jaar waarin 'n leerling die leeftyd van 16 jaar bereik, of totdat hy in die Matrikulasie-eksamen of die Eindeksamen van die Middelbare skool geslaag het, of in die geval van 'n verstandelik vertraagde leerling tot aan die einde van die jaar waarin hy die leeftyd van 20 jaar bereik, óf totdat hy sy kursus voltooi het, óf gereed geag word om die skool te verlaat en om by die buitewêreld in te pas[119].

Die implikasie hiervan vir talle Diverse immigrantekinders uit ekonomies arm lande, waar die skoolplig tot 12 of 13 jaar strek[120], is dat hulle weer in die R.S.A. skoolpligtig is nadat hulle alreeds in hulle land van herkoms gewerk het. Drie dergelike gevalle is in die steekproef opgespoor. Dit veroorsaak besondere pedagogiese probleme, soos in hoofstuk 4 aangedui sal word. Sodanige ouer leerlinge (15 - 16 jaar) wat geen vorige na-primêre onderwys geniet het nie en wat 'n tyd lank geen skool besoek het nie, of wat in 'n betrek= king gestaan het en 'n dissiplinêre probleem vir 'n skool op= lewer, kan op aanbeveling van die skoolhoof deur die skoolraad van verpligte skoolbesoek vrygestel word[121].

---

119. Transvaalse Provinsiale Raad. Ordonnansie no. 20 van 1968, art. 9 (1), (2) en (3), pp. 141 - 143;
Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R 2029, 12 November 1971; Republiek van Suid-Afrika. Wet no. 39 van 1967, art. 2(1)(d), p. 5;
Provinsiale Raad van die O.V.S. Ordonnansie no. 16 van 1954, art. 44, p. 35;
T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 12.

120. Koch, Herbert R. Op. cit., pp. 56 - 61.

121. T.O.D. Omsendbrief no. 33 van 1965, art. 9.

Die immigrantekinders van die Kontinentaal-Germaanse lande, die Satellietstate en Engeland kan reeds van 5-jarige ouderdom die skool bywoon[122], met die gevolg dat hulle 'n voorsprong van 'n jaar op Suid-Afrikaanse kinders kan hê, wat plasing van sodanige leerlinge bemoeilik[123].

3.4.3 Tipes skole

3.4.3.1 Skole wat deur immigrantekinders besoek word

Nadat 'n voertaalkeuse vir die skoolpligtige immigrantekind gedoen is, word die kind by 'n openbare of private skool ingeskryf. Gratis onderwys word in die openbare skole verskaf[124]. Daarby kan 'n immigrantekind ook 'n kleuter- of 'n private immigranteskool bywoon[125]. In die ondersoekterrein het iedere primêre skool 'n voedingsgebied, terwyl die sekondêre skole in die yster-en-staalnywerheidsgebied ook elkeen 'n aangewese voedingsgebied het[126].

Tabel 14 en kaarte 2 en 3 toon die verspreiding van immigrantekinders in die skole van die ondersoekterrein.

Die voorkeur aan Engels as medium[127] van onderrig blyk uit tabel 14 en kaarte 2 en 3 en veroorsaak die opeenhoping van immigrantekinders in Engelsmediumskole, wat 'n persentasie immigrantekinders >40% het, in die Engelse klasse in parallelmediumskole waar die persentasie migrante tussen 5% en 15% lê[128], en in Engelsmediumkleuterskole. Hierdie taalvoorkeur dra by tot die afwesigheid van immigrantekinders in

---

122. Kerr, A. Op. cit., p. 107.
123. Vergelyk paragraaf 4.4, tabelle 25 en 26.
124. Republiek van Suid-Afrika. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, no. 39 van 1967, art. 2(e).
125. Vergelyk paragrawe 3.4.3.2 en 3.4.3.4.
126. Onderhoud met inspekteur van onderwys.
127. Vergelyk paragraaf 3.4.1, figuur 2.
128. Vergelyk paragraaf 4.5.1.1, tabel 27.

Verspreiding van immigrantekinders volgens lande van herkoms, in die skole van die ondersoekterrein, 1972 *

SKOLE \ LANDE VAN HERKOMS	Afrika e.a. lande	Australië	V.S.A.	Kanada	België	Duitsland	Frankryk	Griekeland	Joego-Slawië	Hongarye	Tsjeggo-Slowakye	Italië	Nederland	Oostenryk	Pole	Portugal	Denemarke	Switserland	Spanje	Verenigde Koninkryk	Iran	Libanon	Turkye	Japan	Totale immigrante-kinders	Totale Suid-Afrikaanse kinders	Skool totaal	Persentasie immigrante
Sekondêre skole																												
Afrikaans 1	2					10					1		22			1									36	962	998	3,6
Afrikaans 2	2				2	10							8												22	1223	1245	1,7
Afrikaans 3						4							2												6	332	338	1,7
Engels 5)	3	2	1			28	4	11	5			4	35	1		94	2		12	88			1		291	319	610	47,7
Private Engels 5)	3				5	27	28	28	1			15	18			13			4	56				2	200	187	387	51,4
Parallelmedium 5)	2					7		1			1		11			4				24					50	841	891	5,6
Tegnies parallelmedium					2	8					2	2	15			6				22					57	616	673	8,3
Handels parallelmedium	1					3						2	6			1				3					16	259	275	5,8
Spesiale skool																												
Spesiale parallelmedium						2	2	1				1				4				5					15	371	386	3,9
Primêre skole																												
Afrikaans 1					1	11																			12	714	726	1,7
Afrikaans 2					3	9							8												20	643	663	3,0
Afrikaans 3						11	2						17												30	547	577	5,2
Afrikaans 4						7	3				3		5			4									22	581	603	3,5
Afrikaans 5						1	3						4	2		1									11	491	502	2,2
Afrikaans 6						5							7												12	701	713	1,7
Afrikaans 7						5							16												21	698	719	2,9
Afrikaans 8						25	6				3		20												54	887	941	5,7
Afrikaans 9						4							18												22	678	700	3,1
Afrikaans 10																									0	470	470	0,0
Afrikaans 11						9							8												17	969	986	1,7
Afrikaans 12					4	5					1		9												19	684	703	2,6
Engels 1 5)	5			2		5	36	29		3	7	15	5			241	2	1	20	96		1			468	302	770	60,9
Engels 2 5)			3		1	46	17	22		1		1	12	1	2	4				149					259	395	654	39,8
Parallelmedium 1 5)	3		2		1	10	4	3				2	3			10				57	1				96	566	662	14,6
Parallelmedium 2	11	1		1	4	6	3				1		7						1	104					139	797	936	14,8
Totaal 1)	32	3	6	3	23	258	108	95	6	4	19	42	256	4	2	383	4	1	37	604	1	1	1	2	1895	15233	17128	11,1
Persentasie %	1,7	,2	,3	,2	1,2	13,6	5,7	5,0	,3	,2	1,0	2,2	13,0	,2	,1	20,2	,2	,05	1,9	31,8	,05	,05	,05	,1	11,1	88,9	100	
Kleuterskole																												
Parallelmedium 1								2					4			1									7	113	120	5,8
Engels 1						3		2		2	3	1	4			3			2	5					25	85	110	22,7
Engels 2						12	2						1							15					30	29	59	50,8
Dubbelmedium 1					2	2		2					2							3					11	37	48	18,7
Dubbelmedium 2													1						19						20	38	58	34,0
Dubbelmedium 3						3	1		1			1	6							22					34	51	85	40,0
Totaal 2)					2	20	3	6	1	2	3	2	18			4			21	45					127	353	480	26,0
Groot totaal 3)	32	3	6	3	25	278	111	101	7	6	22	44	274	4	2	387	4	1	58	649	1	1	1	2	2022	15586	17608	11,4
Persentasie %	1,5	,1	,3	,2	1,2	13,7	5,4	5,0	,3	,3	1,5	2,1	13,0	,2	,1	19,1	,2	,05	2,0	32,0	,05	,05	,05	,1	11,4	88,6	100	
Private immigranteskole																												
Duits						180																						
Frans							70																					
Italiaans												12																
Grieks								65																				
Portugees 1, 2 & 3																132												
Totaal 4)						180	70	65				12				132												

*Gegewens verstrek deur skoolhoofde van bogenoemde skole.

1) Totale aantal kinders in primêre en sekondêre skole.
2) Totale aantal kinders in kleuterskole.
3) Groottotaal van kinders in kleuter, primêre en sekondêre skole.
4) Totale aantal kinders wat private immigranteskole bywoon.
5) Hierdie ses skole verskaf spesiale aanvullende taalonderrig.

VERSPREIDING VAN IMMIGRANTEKINDERS IN SKOLE VAN DIE YSTER-EN-STAALNYWERHEIDSGEBIED, 1972



Gegewens verkry van paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.

AMP. = Afrikaansmedium primêre skool.
AMS. = Afrikaansmedium sekondêre skool.
EMP. = Engelsmedium primêre skool.
EMS. = Engelsmedium sekondêre skool.

VERSPREIDING VAN IMMIGRANTEKINDERS IN SKOLE VAN DIE PETROCHEMIESE NYWERHEIDSGEBIED, 1972



*Gegewens verkry van paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.

AMP. = Afrikaansmedium primêre skool.

PMP. = Parallelmedium primêre skool.

PMS. = Parallelmedium sekondêre skool.

DMK. = Dubbelmedium kleuterskool.

die Afrikaansmedium primêre skool nr. 10 en die geringe aantal immigrantekinders (persentasie < 5%) in die ander Afrikaans=mediumskole[129]. Engelsmediumskole moet dus aan groot getalle immigrantekinders spesiale taalonderrig verskaf, terwyl die geringe getalle immigrantekinders in Afrikaansmediumskole, soos die een Tsjeg in die Afrikaansmedium primêre skool nr. 12, voorsiening vir spesiale taalonderrig bemoeilik[130].

Die stedelike groepsvestigingspatroon van immigrante en die negatiewe houding van die outochtone bevolking, wat tot akkommodasie, segregasie en ghettovorming lei, blyk uit kaart 2, uit die oorwegend Portugese konsentrasie noord van die nasionale pad en uit die opeenhoping van die kinders in die Engelsmedium primêre skool nr. 1[131]. Dieselfde verskynsel kom volgens kaart 2 ook suid van die nasionale pad voor in die konsentrasie van immigrante uit die Verenigde Koninkryk, waarvan die kinders in die Engelsmedium primêre skool no. 2 akkumuleer. Die groepsamehorigheidsgevoel van die immigrante[132] blyk uit die aantal private immigrante=skole vervat in tabel 14.

Tabel 14 en kaarte 2 en 3 illustreer die probleme en nadelige invloed, wat die vestigingsproses van immigrante, die uitwyking van die outochtone bevolking en die immigrante se voorkeur aan Engels as medium van onderrig op die getalleverhouding van immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders in individuele skole het[133]. Die probleme wat uit hierdie besondere didakties-pedagogiese situasie spruit, word in hoofstuk 4 beskryf.

---

129. Loc. cit.
130. Vergelyk paragrawe 3.4.1.3, 3.4.4.1 en 3.7.
131. Vergelyk paragraaf 4.5.2.3.
132. Loc. cit.
133. Vergelyk paragrawe 4.5, 4.5.2.3 en 4.5.3.

Die aandag word vervolgens toegespits op die volgende tipes skole in die ondersoekterrein: pre-primêre, primêre, sekondêre, spesiale en private skole.

3.4.3.2 Pre-primêre skole

Die kleuterskole in die ondersoekterrein is private of staats=ondersteunde pre-primêre skole wat aan inspeksie onderworpe is[134]. Volgens tabel 14 is daar 480 kinders, waarvan 127 immigrantekinders tussen die ouderdomme 3 - 5 jaar in die betrokke kleuterskole. Hierdie kinders het hoofsaaklik Engels as taalmedium gekies. Dit is opvallend dat daar geen suiwer Afrikaansmediumkleuterskool in die yster-en-staalnywerheids=gebied is nie. Die aanleer van Engels of Afrikaans as die medium van onderrig is onder andere een van die redes waarom immigrantekinders kleuterskole bywoon[135]. Hulle leer die taal van hulle keuse in die kleuterskool paties aan[136], daar die hele opset informeel is en die drie periodes vir storie, mu=siek en skeppende aktiwiteit afgewissel word met vrye akti=witeite[137]. Al vyf die hoofde van die kleuterskole het on=afhanklik van mekaar bepaal dat normale immigrantekinders die voertaal van die kleuterskool binne 4 - 5 maande vlot praat.

3.4.3.3 Openbare skole

Die volgende tipes openbare skole kom in die ondersoekterrein voor, naamlik primêre, sekondêre en spesiale skole[138]. Gra=tis onderwys word aan al die leerlinge van hierdie skole ver=skaf[139], en ruim voorsiening word vir buiteskoolse aktiwiteite

---

134. Onderhoud met kringinspekteur;
Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.

135. Loc. cit.;
Persoonlike mededeling deur hoofde van betrokke kleuterskole.

136. Vergelyk paragraaf 4.3.6.

137. Transvaalse Provinsiale Raad. Onderwysordonnansie no. 29 van 1953, art. 101, p. 160;
Provinsiale Raad van die O.V.S. Onderwysordonnansie no. 16 van 1954, art. 31 - 41, pp. 27 - 34;
Republiek van Suid-Afrika. Wet no. 39 van 1967, art. 2(e)(1)(f) en Goewermentskennisgewing no R 2029 van 12 November 1971.

138. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.

139. Republiek van Suid-Afrika. Wet no. 39 van 1967, art. 2(e).

gemaak[140].

3.4.3.3.1 Primêre skole

Daar is 11 618 kinders, waarvan 1 359 immigrantekinders is[141], op skool in die 12 Afrikaans-, twee Engels- en twee parallel-mediumskole wat primêre onderwys in die ondersoekterrein verskaf volgens die kurrikulum vervat in tabel 15[142]. Die roosters word volgens die diskresie van die hoofde opgestel met goedkeuring van die inspekteurs van onderwys[143]. Daar moet egter toegesien word dat onderrig in die tweede taal reeds in Graad 1 begin en as volg moet toeneem:

Grade 1 en 2: drie uur per week, Standerds 1 en 2: vier uur per week en Standerds 3, 4 en 5: 4½ uur per week[144].

Engels is die voertaalkeuse van 81% van bogenoemde immigrantekinders, vir wie genoemde taalreëling ook geld[145]. Waar die getalle immigrantekinders spesiale taalonderrig regverdig, maak die rooster voorsiening daarvoor. 'n Probleem wat in hoofstuk 4 breedvoeriger bespreek word, is dat talle immigrantekinders eers die voertaal moet aanleer alvorens die leerstof vir hulle enige betekenis het[146].

---

140. Onderhoude met hoofde van skole.
141. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 29.
142. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.1.
143. T.O.D. Handboek vir skoolorganisasie, hoofstuk 4, p. 21.
144. Loc. cit.
145. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 29.
146. Van der Stoep, F. en van der Stoep, O.A. Op. cit., pp. 145 - 158;
Vergelyk paragraaf 4.3.

Tabel 15

Kurrikulum van die primêre skool, 1972*

Vakke	Standerds			
	Gr. 1 en 2 Gewig van vakke	St. 1 - 2 Gewig van vakke	St. 3 - 4 Gewig van vakke	St. 5 Gewig van vakke
Moedertaal				
Lees	40	30	25	20
Resitasie	10	10	10	10
Praat	20	20	15	10
Spelling	15	15	15	15
Skriftelike werk	15	25	35	45
Totaal	100	100	100	100
Tweede taal				
Lees	-	20	20	15
Resitasie	30	10	10	10
Praat	70	35	25	20
Spelling	-	15	15	15
Skriftelike werk	-	20	30	40
Totaal	100	100	100	100
Rekenkunde				
Mondeling	50	40	30	20
Skriftelik	50	60	70	80
Totaal	100	100	100	100
Geskiedenis	-	25	25	25
Aardrykskunde	-	25	25	25
Elementêre Natuurwetenskap	-	25	25	25
Gesondheids= opvoeding	-	25	25	25
Totaal	-	100	100	100
Nie-eksamenvakke: Godsdiensonderrig, Liggaamsoefening, Musiek en sang, Kunsvlyt.				

*T.O.D. Handboek vir skoolorganisasie, pp. 57 - 60.

Promosiereëlings wat ook vir immigrantekinders geld, is as volg[147]: bevordering van Gr. 1 tot Gr. 2 en Gr. 2 tot St. 1 vereis 'n slaagpunt in die moedertaal en 55% in Rekenkunde. Bevordering van St. 1 tot St. 2 en van St. 2 tot St. 3 vereis 'n slaagpunt in die moedertaal en 50% in twee van die orige vakke. Bevordering van St. 3 tot St. 4, St. 4 tot St. 5 en St. 5 tot St. 6 vereis 'n slaagpunt in die moedertaal en 45% in twee van die orige vakke sowel as 'n gemiddelde persentasie van 45%. 'n Leerling wat 13 is, word oorgeplaas na St. 6[148]. Bevordering van immigrantekinders gedurende die eerste twee jaar van verblyf geskied volgens diskresie van die hoof en inspekteur, met inagneming van prestasie in die amptelike taal wat as medium gekies is en in Rekenkunde[149].

3.4.3.3.2 Sekondêre skole

Sekondêre onderwys[150] is tot aan die einde van 1972 in die drie Afrikaansmedium-, een Engelsmedium-, een parallelmedium-, een parallelmedium handels- en een parallelmedium tegniese skool[151] aan 5 510 kinders verskaf, waarvan 536 immigrantekinders was[152]. Hierdie skole het van 1973 af komprehensiewe eenheid geword volgens die differensiasiebeleid[153], soos vervat in Goewermentskennisgewing no. R 2029 van 12 November 1971, wat voorsiening maak vir die studierigtings wat in tabel 16 aangedui word.

---

147. T.O.D. Handboek vir skoolorganisasie, pp. 57 - 60.
148. Loc. cit.
149. T.O.D.-Omsendbrief no. 103 van 1965;
T.O.D. Versuidafrikaansing van immigrantekinders, p. 4.
150. Transvaalse Provinsiale Raad. Onderwysordonnansie no. 29 van 1953, art. 102;
Provinsiale Raad van die O.V.S. Onderwysordonnansie no. 16 van 1954, art. 31 - 41;
Republiek van Suid-Afrika. Wet no. 39 van 1967, art. 2(1)(e)(f);
Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R 2029 van 12 November 1971;
T.O.D. Handboek vir skoolorganisasie, p. 37.
151. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2, tabel 17.
152. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 30.
153. R.G.N. Op. cit.,pp. 1 - 120.

Tabel 16

Studierigtings in sekondêre skole in die ondersoekterrein, 1973*

Skool	Med.	Studierigtings (Kursus)														
		Kuns										Prakties				
		G	N	Alg	T	Ha	L	Hh	K	B	M	Alg	T	Ha	L	Hh
A. Sekondêre skole																
Tegnies	A/E				X								X			
Handel	A/E[1)]					X								X		
Engels	E	X	X	X		X		X				X		X		X
Afrikaans 1	A	X	X	X			X				X	X				X
Afrikaans 2	A	X	X	X								X				
Afrikaans 3	A	X	X	X								X				
Parallel= medium O.V.S.	A/E	X	X	X		X		X				X		X		X
B. Primêre skole																
C. Spesiale skool																

* T.O.D. Handleiding vir die implimentering van gedif= ferensieerde onderwys in Transvaal, Bylae 37;

Onderhoud met hoof, parallelmedium sekondêre skool.

1) Handelskool word slegs Afrikaansmediumskool.

Die gedifferensieerde studierigtings op sekondêre vlak sluit die volgende in:

G	Geesteswetenskaplik	Ha	Handel	Hh	Huishoudkunde
N	Natuurwetenskaplik	B	Beplan	K	Kuns
T	Tegnies	L	Landbou	B	Ballet
				M	Musiek.

Die onderwys in die junior sekondêre fase het 'n algemeen vormende inslag; die meerderheid van die vakke is ver= pligtend, en die leerstof word gedifferensieerd volgens die opvoedkundige behoeftes van bepaalde groepe leerlinge aangebied, met dien verstande dat 'n leerling, wat nie vol= doende voordeel uit die gewone onderrig kan trek nie, die Praktiese Beroepsgerigte Kursus volg[154].

Die kurrikulum[155], slaagvereistes en minimum aantal les= periodes per vak vir 1972 in die sêkondere Tegniese en die Handelskool word in tabelle 17 en 18 aangedui. Die reëlings wat in tabelle 17 en 18 saamgevat is, geld ook vir die 536 immigrantekinders, van wie 81% Engels as voertaal gekies het[156]. Waar die getal immigrantekinders spesiale taal= onderrig regverdig, word dit aanvullend tot bogenoemde reëlings verskaf. 'n Sewende vak is gewoonlik vir die im= migrantekinders hulle eie moedertaal. Italiaans, Portugees en Spaans word as derde taal erken, en die eerste eksamens van die nuwe sillabusse is in November 1967 en vir Grieks in 1969 afgelê[157]. Die sillabusse van die derde taal ver= skil van provinsie tot provinsie, en omdat dit nie op nasio= nale grondslag gekoördineer is nie, stel die onderwysdepar= temente van Transvaal en van die O.V.S. elkeen eie silla= busse op vir Frans en Duits, maar vir Italiaans, Portugees, Grieks, Spaans, ens., gebruik hulle skole die sillabusse van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Die probleme wat

---

154. T.O.D. Handleiding vir die implimentering van ge= differensieerde onderwys in Transvaal, p. 16.

155. Vergelyk paragraaf 3.5.

156. Onderhoude met hoofde van betrokke skole; Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2, tabel 30.

157. T.O.D.-Omsendbrief no. 61 van 1967; T.O.D.-Omsendbrief no. 35 van 1971; Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Handboek van die G.M.R., pp. 3 - 39.

Standerd 6

Vakke	Minimum lesperiodes per week: U.T.[3] kursus	St.10[3] kursus	St.8[3] kursus
Verpligte vakke			
Godsdiens-onderrig	2	2	2
Moedertaal	6	6	6
Tweede taal	6	6	6
Algemene Wiskunde	6	6	6
Geskiedenis	3	3	3
Aardrykskunde	2	2	2
Alg. Natuurwetenskap	4	4	4
Bedryfskennis/Huishoudk.	3	3	3
Liggaamlike Opvoeding	2	2	2
Skoolmusiek	1	1	1
Kuns	1	1	1
Jeugweerbaarheid [1]	1	1	1
Totaal	37	37	37
Keusevakke	Mits 2 periodes per week aan keusevak bestee word, kan punte vir bevorderingsdoeleindes aangewend word.		
Derde taal			
Instrumentale Musiek			
Totaal	42	42	42
Slaagvereistes			
Moedertaal	40%	40%	35%
Getal vakke waarin behalwe in moedertaal geslaag moet word	4	4	4
Slaagpersentasie in elke vak behalwe moedertaal	40%	35%	35%
Gemiddelde persentasie	45%	40%	nie vereis nie

Standerd 7

Vakke	Minimum lesperiodes per week: U.T.-[3] kursus	St.10[3] kursus	St. 8[3] kursus
Verpligte vakke			
Goddiens-onderrig	2	2	2
Moedertaal	5	5	5
Tweede taal	5	5	5
Geskiedenis	3	3	3
Rekenkunde	3	3	3
Alg. Natuurwetenskap	4	4	4
Bedryfskennis/Huish.	3	3	3
Liggaamlike Opvoeding	2	2	2
Skoolmusiek	1	1	1
Jeugweerbaarheid	1	1	1
Totaal	29	29	29
Keusevakke	'n Minimum van 2 keusevakke. Kandidate kan 3 handelsvakke aanbied. Periodes aanvullend van 29 tot 42.		
Derde taal			
Instrumentale Musiek			
Kuns			
Wiskunde			
Aardrykskunde			
Boekhou			
Tikskrif			
Snelskrif			
Handel			
Totaal	42	42	42

Slaagvereistes	U.T.-kursus 7	8	9	St.10-kursus 7	8	9	St.8-kursus 7	8	9
Moedertaal	40	40	40	40	40	40	35	35	35
Getal vakke waarin behalwe in moedertaal geslaag moet word	4	5	5	4	5	5	4	5	5
Slaag-% in elke vak behalwe moedertaal	40	40	40	35	35	35	35	35	35
Gemiddelde persentasie	45	45	42	40	40	37	Nie vereis nie		

Standerd 8

Vakke	Minimum lesperiodes per week: U.T.-[3] kursus	St. 10[3] kursus	St. 8[3] kursus
Verpligte vakke			
Godsdiens-onderrig	2	2	2
Moedertaal	5	5	5
Tweede taal	5	5	5
Geskiedenis	3	3	3
Rekenkunde	3	3	3
Alg. Natuurwetenskap	4	4	4
Bedryfskennis/Huish.	3	3	3
Liggaamlike Opv.	1	1	1
Skoolmusiek	1	1	1
Jeugweerbaarheid	1	1	1
Totaal	28	28	28
Keusevakke	'n Minimum van 2 keusevakke. Kandidate kan 3 handelsvakke aanbied. Periodes aanvullend van 28 tot 42		
Derde taal			
Wiskunde			
Aardrykskunde			
Kuns			
Instrumentale Musiek			
Boekhou			
Tikskrif			
Snelskrif			
Handel			
Totaal	42	42	42

Slaagvereistes	U.T.-kursus 7	8	9	St. 10-kursus 7	8	9	St. 8-kursus 7	8	9
Moedertaal	40	40	40	40	40	40	35	35	35
Getal vakke waarin behalwe in die moedertaal geslaag moet word	4	4	4	4	4	4	4	4	4
Slaagpersentasie in elke vak behalwe moedertaal	40	40	40	35	35	35	35	35	35
Gemid. persentasie	45	45	42	40	40	37	nie vereis nie		

Standerds 9 en 10

Vakke	Minimum lesperiodes per week: U.T.-[3] kursus	St. 10[3] kursus
Verpligte vakke		
Godsdiens-onderrig	2	2
Moedertaal	6	6
Tweede taal	6	6
Jeugweerbaarheid	1	1
Liggaamlike Opvoeding	1	1
Totaal	16	16
Keusevakke	Enige 4 of 5 vakke kan volgens die groepering van die G.M.R. geneem word sodat leerlinge 6 en hoogstens 7 vakke aanbied. Kandidate mag 3 handelsvakke aanbied. Periodes aanvullend van 16 tot 42	
Duits [2]		
Latyn		
Wiskunde		
Wetenskap		
Biologie		
Geskiedenis		
Aardrykskunde		
Huishoudkunde		
Bedryfskennis/Tegniese Tekene		
Boekhou/Rekeningkunde		
Tikskrif		
Handel		
Musiek		
Totaal	42	42

Slaagvereistes [3]	U.T.-kursus	St. 10-kursus
Moedertaal	40	40
4 Ander vakke	40	40
Gemiddelde persentasie	5 vakke 48 6 vakke 45 7 vakke 42	5 vakke 43 6 vakke 40 7 vakke 37
St. 10 - 5 vakke minimum		5 vakke minimum 33⅓% of 800 punte

*T.O.D. Handboek vir skoolorganisasie, p. 37; Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Handboek van die G.M.R., pp.1-39; T.O.D. Gedifferensieerde middelbare onderwys, pp. 75 - 86.

1) Vergelyk paragraaf 3.5.
2) Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2.
3) T.O.D. Die toepassing en bevordering van gedifferensieerde middelbare onderwys in Transvaal, pp. 1 - 58.

Tabel 18

Kurrikulum, minimum aantal lesperiodes en slaagvereistes vir handels en tegniese skole, 1972*

Handelskool					Tegniese skool					
Standerds 7 - 10					Standerds 6 - 10					
Vakke	Lesperiodes		Vakke	Lesperiodes	Vakke	Lesperiodes			Vakke	Lesperiodes	
	Standerd			Standerd		Standerd				Standerd	
Verpligte vakke	7	8	Verpligte vakke	9	10	Verpligte vakke	6	7	8	Verpligte vakke	9M & T[1)][2)]	10 M&T
Godsdiensonderrig	2	2	Godsdiensonderrig	2	2	Godsdiensonderrig	2	2	2	Godsdiensonderrig	2	2
Moedertaal	5	5	Moedertaal	6	6	Moedertaal	6	5	5	Moedertaal	6	6
Tweede taal	5	5	Tweede taal	6	6	Tweede taal	6	5	5	Tweede taal	6	6
Jeugweerbaarheid	1	1	Jeugweerbaarheid	1	1	Jeugweerbaarheid	1	1	1	Jeugweerbaarheid	1	1
Liggaamlike Opvoeding	1	1	Liggaamlike Opvoed.	1	1	Liggaamlike Opvoed.	1	1	1	Liggaamlike Opvoed.	1	1
Totaal	14	14	Totaal	16	16	Totaal	16	14	14	Totaal	16	16
Ander vakke	Periodes aanvullend	van 14 tot 42	Ander vakke	Periodes aanvullend	van 16 tot 42	Ander vakke	Periodes	aanvullend	van 14 tot 42	Ander vakke	Periodes aanvullend	van 16 tot 42
Rekeningkunde			Rekeningkunde			Wiskunde				Wiskunde		
Handel			Handel			Wetenskap				Wetenskap		
Tik			Tik			Geskiedenis				Meganika		
Ekonomie			Ekonomie			Tegniese tekene						
Snelskrif			Snelskrif			Ambagstegniek				Werkwinkelpraktyk		
Shorthand			Shorthand			Werkwinkelpraktyk				Geskiedenis		
Geskiedenis			Geskiedenis									
Totaal	42	42	Totaal	42	42	Totaal	42	42	42	Totaal	42	42
Slaagvereistes[3)]			Slaagvereistes[3)]			Slaagvereistes[3)]				Slaagvereistes[3)]		

*T.O.D. Handboek vir skoolorganisasie, p. 38;
Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Handboek van die G.M.R., pp. 63 - 67.

1. M-groep: Nasionale Senior Sertifikaat met matrikulasievrystelling moet Wiskunde en Natuurkunde insluit en 4 vakke op 'n gevorderde en 2 - 3 vakke in die gewone graad insluit.
2. T-groep: Nasionale Senior Sertifikaat.
3. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2, tabel 17.

hiermee gepaard gaan, word in hoofstuk 4 bespreek.

Die slaagvereistes vervat in tabelle 17 en 18 is ook op im= migrantekinders in Standerds 6 tot 9 van toepassing, maar skoolhoofde moet hulle eie diskresie toepas by oorweging van bevordering van immigranteleerlinge wat nog onbevoeg in die twee amptelike tale is[158].

Die volgende konsessies geld ten opsigte van Standerd 10-leerlinge[159]:

(1) Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad het besluit om van 1964 af voorwaardelike vrystelling te verleen aan im= migrante in soverre dit van hulle vereis word om in 'n tweede taal te slaag. Hierdie konsessie is slegs van toepassing op immigrante wat nie meer as vier jaar voor aflegging van die Universiteitstoelatingseksamen in die land aangekom het nie. 'n Sertifikaat van Voorwaardelike Vrystelling van die matrikulasie-eksamen word aan boge= noemde immigrantekandidate uitgereik wat tydens die Uni= versiteitstoelatingseksamen die voorgeskrewe minimum groottotaal van 1300 punte behaal en in 5 vakke, in= sluitende 'n vak uit elkeen van groepe 1, 3 en 4, slaag[160].

(2) Van kandidate aan wie die konsessie gedoen word, word vereis dat hulle in 'n tweede taal (en 'n derde taal in die geval van kandidate wat nie in Wiskunde geslaag het nie) moet slaag voordat 'n graad aan hulle toegeken kan word[161].

(3) Aan 'n kandidaat wat nie meer as 5 jaar voor die datum van aflegging van die eksamen geïmmigreer het nie, word

---

158. T.O.D.-Omsendbrief no. 103 van 1965;
T.O.D. Versuidafrikaansing van immigrantekinders, p. 4.

159. Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Op. cit., pp. 3 - 39.

160. Loc. cit.

161. T.O.D.-Omsendbrief no. 89 van 1964;
Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Op. cit., p. 77.

'n skooleindsertifikaat uitgereik indien hy die voorgeskrewe minimum groottotaal behaal in een van die amptelike tale op die hoër graad en in vier ander vakke slaag[162].

Die sekondêre skole vervat in tabelle 17 en 18 is toegerus met biblioteke om biblioteekintegrasie[163] by die klasonderwys te bevorder.

3.4.3.3.3 Die aanpassingsklas (Geleentheidsklas)

Aanpassingsklasse met 'n minimum van 12 en 'n maksimum van 25 leerlinge het in 1972 by al drie Afrikaansmedium- en die een Engelsmedium sekondêre skool[164] voorgekom, en wel vir 152 leerlinge, waarvan 33 immigrantekinders was. Van laasgenoemde het 28 (85%) Engels as voertaal gekies[165]. Die aanpassingsklas is by sekondêre skole ingestel om voorsiening te maak vir skolasties agterlike kinders, waar hulle in die hande van bekwame onderwysers geplaas kan word en 'n verdunde sillabus, wat gemik is op oefening in Afrikaans, Engels en Rekene kan volg, sodat die leerlinge op die standerd 5-peil gebring kan word ter voorbereiding vir en aansluiting by die sekondêre skoolprogram ten einde hulle langer op skool te hou[166]. Hierdie funksie is van 1973 af voortgesit deur die Praktiese Beroepsgerigte Kursus, wat hierdie klasse volgens die differensiasiebeleid vervang[167]. Dié leerlinge word vir Kuns, Liggaamlike Opvoeding, Skoolmusiek en naskoolse-aktiwiteite saam met die ander leerlinge gegroepeer[168].

---

162. Loc. cit.
163. Van der Stoep, F. en van der Stoep, O.A. Op. cit., p. 297.
164. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
165. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 30.
166. T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 73.
167. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R 2029 van 12 November 1971.
168. T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 73

Tabel 19

Kurrikulum, minimum aantal lesperiodes en bevorderingsvereistes van die aanpassingsklas, 1972*

Vakke	Periodes	Bevorderings= vereistes
Eksamenvakke		
Huistaal	10	Leerlinge moet in
Tweede taal	8	elkeen van die 4
Rekenkunde	10	eksamenvakke 35%
Geskiedenis	2	behaal, waarvan
Aardrykskunde	2	Geskiedenis, Aar=
Algemene wetenskap	2	drykskunde en Alge=
		mene Wetenskap ge=
		lykwaardig as een
		vak gereken word.
Ander vakke		
Bedryfskennis/Huishoudkunde	3	
Godsdiensonderrig	2	
Skoolmusiek	1	
Liggaamlike Opvoeding	2	
Totaal	42	

*T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 23.

Die kurrikulum, minimum lesperiodes en slaagvereistes vervat in tabel 19 geld ook vir immigrantekinders[169].

Aanpassingsklasleerlinge is leerlinge wat nog nie die ver= eiste St. 5-peil by oorplasing uit primêre skole bereik het nie en, op grond van ouderdom aan die begin van die jaar waarin hulle 14 word, oorgeplaas word[170]. Hulle pas dus skolasties nie by St. 6-leerlinge nie en fisies en psigies ook nie by primêre-skoolleerlinge nie. Gevolglik is daar verskillende verstandsgroepe binne die aanpassingsklas, soos die normale verstandsgroep, wat láát tot die skool toegelaat is of gedruip het en die domnormale. Die domnormales vorm

169. Onderhoude met skoolhoofde en persoonlike waarneming. T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 73.

die meerderheid van die groep.

Domnormale leerlinge is :

"leerlinge wat nie in 'n spesiale skool tuishoort nie, maar alreeds sedert die vroegste skooljare 'n opdraande stryd gehad het om teen die tempo van normale leerlinge te vorder. Dis dan ook by hierdie groep waar gewoonlik die meeste afwykings aangetref word, as gevolg van verskeie omgewingsfaktore. Sulke faktore soos huislike omstandighede, waaronder gebroke gesinne, drankmisbruik, misdaad, armoede, rondtrekkery, asook swak onderrig, en taalprobleme - soos in die geval van immigrante - oefen in mindere of meerdere mate invloed uit, nie net op skolastiese vordering nie maar ook op die vorming van lewensbeskouing, karakter en persoonlikheid. Hierdie faktore het 'n kumulatiewe nadelige invloed op hulle emosionele en sosiale aanpassingsvermoë, wat nie net die oorsaak van swak vordering is nie maar ook die gevolg daarvan, sodat dit op die duur in 'n kringloop ontwikkel"[171].

Die probleem in die ondersoekterrein, wat in hoofstuk 4 vollediger bespreek word, is dat normale immigrantekinders met 'n taalprobleem nie in hierdie klasse geplaas moet word nie omdat dit tot allerlei probleme aanleiding gee. Verder is daar 'n tendens by immigrantekinders om in hierdie klasse te akkumuleer[172].

3.4.3.3.4 Die Spesiale skool

'n Spesiale skool is in die yster-en-staalnywerheidsgebied van die ondersoekterrein[173], vir die onderwys van verstandelik gestremde leerlinge ingestel[174]. Die skool word bygewoon

---

171. Loc. cit.
172. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 30.
173. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14 en kaart 2.
174. Transvaalse Provinsiale Raad. Ordonnansie no. 20 van 1968.

deur 386 leerlinge, waarvan 15 (3,9%) immigrantekinders is - almal (100%) met Engels as voertaal[175]. Hulle is kinders wat "na die mening van die Direkteur in staat is om aanmerklike voordeel uit 'n geskikte kursus van onderrig te trek, maar wat in so 'n mate in verstand of gedrag van die meerderheid van kinders afwyk dat hulle :

(1) nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale gang van onderwys verskaf word nie; of

(2) spesiale onderwys nodig het om hulle aanpassing by die gemeenskap te vergemaklik; of

(3) nie 'n gewone klas in 'n gewone skool behoort by te woon nie omdat sulke bywoning vir hulleself of vir ander leer= linge in daardie klas nadelig mag wees"[176].

Die immigrantekinders in dié skool is in die R.S.A. gebore of het as babas saam met hulle ouers na die R.S.A. geïmmigreer. Andersins sou hulle nie die land kon binnekom nie vanweë kuns= matige immigrasie wat deur die immigrantekeurraad gekontroleer word om die inheemse bevolking te beskerm[177]. Hierdie kin= ders het aanvanklik, soos die Suid-Afrikaanse kinders, die gewone openbare primêre skool bygewoon, waar hulle op aanbe= veling van die skoolhoof getoets, gesertifiseer en oorgeplaas is na hierdie parallelmedium skool, waar hulle die kurrikulum, soos uiteengesit in tabel 20, volg[178]. Die probleme wat uit die aanvanklike plasing en onderwys van hierdie immigrante= kinders spruit, word breedvoeriger in hoofstuk 4 beskryf.

---

175. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 30.

176. Transvaalse Provinsiale Raad. Ordonnansie no. 20 van 1968, art. 1 (ii), p. 1.

177. Vergelyk paragrawe 2.2.1, 2.5.3 en 2.5.4.

178. Vergelyk paragraaf 3.5;
T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, pp. 80 - 96.

Tabel 20

Kurrikulum van die Spesiale skool, 1972*

Afrikaans	
Engels	
Rekene	
Bybel	
Gesondheidsleer	
Aardrykskunde	
Geskiedenis	
Skrif	
Kunsvlyt tot einde primêre skool	
Sekondêre ambag:	duikuitklop, naaldwerk, houtwerk, sweiswerk, haarkap.

*Saamgestel uit T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, pp. 80 - 96.

3.4.3.4 Private onderwys

Dit staan immigrante vry om private skole te besoek solank hulle aan die vereistes van skoolplig voldoen[179]. In die ondersoekterrein is daar 'n gewone private skool en private immigranteskole vir voortgesette onderwys beskikbaar[180].

3.4.3.4.1 Die gewone private skool

Daar is een geregistreerde, nie-ondersteunde Engelsmedium private skool in die ondersoekterrein, wat deur die inspekteur besoek word en deur 387 leerlinge, waarvan 200 (51,4%)

---

179. Transvaalse Provinsiale Raad. Onderwysordonnansie no. 29 van 1953, art. 105, p. 164;
Provinsiale Raad van die O.V.S. Onderwysordonnansie no. 16 van 1954, art. 42, p. 35;
Vergelyk ook paragraaf 3.4.2.

180. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14, en kaart 2.

immigrantekinders is, bygewoon word[181]. Die probleme wat voortspruit uit die hoë persentasie immigrantekinders word in hoofstuk 4 breedvoeriger bespreek.

Die primêre afdeling maak voorsiening vir seuns en meisies wat die kurrikulum soos voorgeskryf deur die Transvaalse Onderwysdepartement volg[182]. Die sekondêre afdeling maak slegs vir meisies voorsiening. Hulle volg dieselfde kurrikulum as die gewone sekondêre skole[183]. Die matriekleerlinge skryf egter die eksamen vir die General Certificate of Education en Higher School Certificate van die Joint Matriculation Board of the Northern Universities[184].

3.4.3.4.2 Private immigranteskole

Immigrante openbaar 'n sterk neiging om hulle taal en kultuur te behou[185], soos onder andere blyk uit die stigting van private immigranteorganisasies en private immigranteskole as verdedigingsmeganismes. Sodoende word, onder meer, getrag om te verseker dat immigrantekinders nie hulle moedertaal verleer nie[186]. Gevestigde immigrantekonsentrasies, soos dié in Johannesburg, beskik reeds oor private dagskole, maar in die betrokke industriële ondersoekterrein bestaan daar nog slegs die voorlopers tot dagskole, naamlik middag-, aand- en naweekskole, wat buite die gewone skoolure onderwys aan immigrantekinders deur medium van hulle moedertaal verskaf[187]. Hierdie

---

181. Vergelyk paragrawe 3.4.1.3, 3.4.3.1, tabel 14, en kaart 2, en 4.6.
182. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.1, tabel 15.
183. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2, tabel 17.
184. Mededeling deur skoolhoof; Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Op cit., pp. 52 en 86.
185. Vergelyk paragrawe 2.5.5.2, 2.7, 3.4.3.1, tabel 14, 4.5.2.3 en 4.6.
186. Loc. cit.
187. Persoonlike waarneming.

skole het ook hulle eie na-uurse jeugverenigings. Die vernaamste private immigranteskole is die Duitse, Franse, Italiaanse, Griek=se en Portugese skole.

(1) Die Duitse skool

Dit bestaan reeds sedert 1961, en in 1972 het die skool ses onderwysers en 'n leerlingtal van 180 kinders van Gr. 1 tot St. 10 gehad. Vanweë die groot getalle het die klaslokale by die Lutherse kerk te klein geword, en sedert 1966 word die klaslokale van die Engelsmedium sekondêre skool ook gebruik. Die primêre afdeling volg die kurrikulum van die Deutsche Lehrerverein van Kaapstad vir vier ure op Saterdae (Sonnabendschule [188]), en die sekondêre afdeling volg die kurrikulum van die Transvaalse Onderwysdepartement op Woensdagaande van 07h00 tot 10h00. Hierdie skool kon=sentreer op moedertaalonderwys, en die kinders betaal maan=deliks R1,50 elk[189].

(2) Die Franse skool

Dit word gehou in die klaslokale van die Rooms-Katolieke skool met medewerking van die Alliance Française. Die kurrikulum van die T.O.D. word op 'n Saterdag vir drie ure deur die sekondêre afdeling gevolg, terwyl die primêre afdeling slegs taalonderrig ontvang. Slegs die Franse taal word onderrig, en die 70 kinders betaal elk R3,00 maandeliks[190].

(3) Die Italiaanse skool

Dit word waargeneem in die klaslokale van die Rooms-Katolieke skool, en wel vir drie ure op Saterdae vir kinders van Gr. 1 tot St. 10. Slegs Italiaans word onderrig ter voorbereiding van die sillabus van die G.M.R. Die 12 kinders betaal elk R3,00 maandeliks[191].

---

188. Koch, Herbert R. Op. cit., p. 72.
189. Onderhoud met 'n senior onderwyseres van die Duitse skool.
190. Onderhoud met senior onderwyseres van die Franse skool.
191. Onderhoud met Italiaanse onderwyseres.

(4) Die Griekse skool

Dit word deur 65 Griekse kinders smiddae vir twee ure twee maal per week bygewoon in 'n lokaal in die besigheidsentrum. Die priester van die Grieks-Ortodokse kerk het aanvanklik die Griekse klasse waargeneem, maar die Hellenistiese klub het van 1972 af die dienste van 'n Griekse onderwyser wat in Griekeland gewerf is, verkry.

Hy onderrig die kinders in die Griekse taal en sedert 1972 ook die senior leerlinge ter voorbereiding van die sillabus van die G.M.R. Die ouers finansier die skool en betaal die onderwyser se salaris, en die kinders betaal elkeen R3,00 maandeliks[192].

(5) Die Portugese skole

Daar is drie Portugese private skole met 44 leerlinge en een onderwyser elk, waarvan twee skole in private huise en een in die Portugese klub gehuisves is. Hierdie skole funksioneer elke dag van die week van 13h45 tot 16h00, en hulle bied nie net moedertaalonderwys nie maar ook voort= gesette onderwys in alle vakke. Vir hierdie voortgesette onderwys word die kurrikulum van die skole in Portugal ge= volg. Kinders van die ouderdomme 6 tot 14 jaar woon die skole by en betaal R5,50 per kwartaal vir die laer grade en R7 tot R9 per kwartaal vir die hoër grade[193].

Bogenoemde skole word nie deur inspekteurs van onderwys besoek nie. Die immigrantekinders wat die private skole besoek[194] voldoen aan gewone skoolbesoekeise[195] en het die volste reg om op vrywillige basis hulle eie skool, wat deur geen wet aan bande gelê word nie, by te woon. Verskillende probleme, wat in hoofstuk 4 in meer besonderhede beskryf word, spruit voort uit die totstandkoming van die private immigranteskole[196].

---

192. Onderhoud met voorsitter van die ouerkomitee.
193. Onderhoud met Portugese onderwyseres.
194. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
195. Vergelyk paragraaf 3.4.2.
196. Vergelyk paragraaf 4.6.

Die belangrikste hiervan is dat al drie die Portugese skole en die Griekse skool in 'n ghettogebied gevestig is[197], wat daarop dui dat hierdie immigrantekinders se aanpassing in die Suid-Afrikaanse milieu deur die afsondering gerem word, wat weer hulle taalvaardigheid in hulle voertaal rem. Die totstandkoming van hierdie skole lei tot private dagskole en isolasie van immigrantekinders[198], wat in stryd is met versuidafrikaansing as doelstelling van die onderwys aan immigrantekinders[199]. Die afwesigheid van hierdie tipe skole in die petrochemiese nywerheidsgebied is opvallend, en daar word ook later in hoofstuk 4 hiervoor 'n verklaring gesoek. Die funksionering van hierdie skole in klaslokale van die Engelsmedium sekondêre skool en die Rooms-Katolieke skool dra blykbaar ook by tot die groot getalle immigrantekinders in dié skole.

3.4.4 Klasindeling

Immigrantekinders word in die skole van die ondersoekterrein direk in klasse ingedeel, of in die aanpassingsklas of in 'n suiwer immigranteklas geplaas.

3.4.4.1 Algemene direkte klasindeling

Die algemene reëling geld in die ondersoekterrein[200] dat wanneer immigrantekinders hulle by 'n skool inskryf, hulle voorlopig direk in 'n bepaalde standerd saam met die Suid-Afrikaanse kinders geplaas word met inagneming van hulle skoolverslae, ouderdom, liggaamlike ontwikkeling, aantal jare op skool, bekwaamheid

---

197. Vergelyk paragrawe 3.4.3.1, kaart 2, en 4.5.2.3.
198. Persoonlike waarneming.
199. Kotzee, A.L. Die onderwys en opvoeding van die immigrantekind. Referaat gelewer by die Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant, Johannesburg, M.E.I., Sept., 1972, p. 65.
200. T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 221; Onderhoude met skoolhoofde.

in Rekenkunde en in die geval van die sekondêre skool, Wiskunde en ander vakke, asook die tydstip van toelating gedurende die skooljaar. Dit is egter in belang van die kind dat moontlike plasing in 'n ander standerd of kursus na 'n maand heroorweeg word en daarna weer van tyd tot tyd[201]. Die immigrantekinders wat primêre onderwys geniet het, 'n goeie akademiese agtergrond het en wat behalwe probleme met die aanleer van die amptelike tale geen ander probleme ondervind nie, word normaalweg volgens bogenoemde reëling direk in klasse in sekondêre skole ingedeel. Immigrantekinders mag egter nie vanweë hulle taalonbevoegdheid in 'n laer klas as waarop hulle skolasties geregtig is, geplaas word nie.

Indien onderwysers beskikbaar is, ontvang immigrantekinders gedurende taalperiodes, wanneer hulle saam met ander immigrantekinders van ander klasse hergroepeer word[202], spesiale aanvullende taalonderrig, soos hierna aangedui. Hierdie kinders moet egter vir gewone klasse voortgaan met die gewone skoolwerk sodat hulle nie onder die indruk kom dat hulle 'n aparte losstaande groep is nie[203]. Diegene wat bekend is met die medium van onderrig, ondervind geen taalprobleme met bogenoemde skoolwerk nie en ontvang slegs aanvullende onderrig in die tweede amptelike taal. Die ander immigrantekinders, wat nie een van die amptelike tale magtig is nie, kan egter vir hoogstens een kwartaal na hulle toelating, slegs in die voertaal van die skool aanvullende taalonderrig ontvang ten einde hulle te help om baat te vind by die gewone skoolwerk. Daarna behels die aanvullende onderrig albei tale[204].

---

201. T.O.D. Tegnieke en prosedures wat gebruik word vir die indeling van leerlinge in bekwaamheidsgroepe met die oog op gedifferensieerde middelbare onderwys, pp. 52 - 57.

202. T.O.D.-Omsendbrief no. 33 van 1965, par. 5 - 9; Vergelyk paragraaf 3.7.

203. T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 221.

204. Loc. cit.

Laasgenoemde groep immigrantekinders ondervind die mees frus= trerende taalprobleme wanneer hulle saam met Suid-Afrikaanse kinders in gewone klasse sit en hoogstens een of twee periodes aanvullende taalonderrig per dag ontvang. Slegs ses skole in die ondersoekterrein[205] gee gedurende taalperiodes aanvullende taalonderrig aan klasse waarvan die grootte varieer van vyf tot 15 kinders[206]. In die ander skole moet die kinders met indi= viduele hulp self die tale aanleer[207]. Die faktore wat tot dié omstandigheid aanleiding gee en waaruit verskillende pro= bleme ontstaan, word in hoofstuk 4 volledig bespreek.

3.4.4.2 Indeling in aanpassingsklas en vrystelling van skoolbesoek

Die volgende tipes immigrantekinders word in aanpassingsklasse geplaas[208]:

(1) dié van primêre skole afkomstig wat nie in St. 5 geslaag het nie, maar 'n mate van kennis van die amptelike tale het; en

(2) dié wat direk van oorsee of elders na die sekondêre skool kom, maar wat geen na-primêre onderwys gehad het nie of alreeds in betrekkings gestaan het.

Indien laasgenoemde immigrantekinders nie in 'n aanpassingsklas geplaas of individueel gehelp kan word nie, kan hulle van skool= besoek vrygestel word[209].

3.4.4.3 Spesiale klasse slegs vir immigrantekinders

Die Engelsmedium primêre skool 1 moes in 1965 reëlings vir klas= indelings in die junior primêre klasse tref, vanweë die oormag

---

205. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
206. Persoonlike waarneming.
207. Onderhoude met skoolhoofde.
208. T.O.D.-Omsendbrief no. 33 van 1965, par. 5 - 9.
209. Loc. cit.;
Vergelyk paragraaf 3.4.2.

immigrantekinders, nl. 60,9%, waarvan 51,5% van een nasionali=teit, nl. Portugese was[210], om sodoende te voorkom dat die immigrantekinders wat nie die medium van onderrig magtig was nie, die Suid-Afrikaanse kinders se vordering rem[211].

Die probleme wat vloei uit hierdie konsentrasie van immigrante=kinders in een skool, vanweë hulle ouers se gekonsentreerde vestigingsproses, word in hoofstuk 4 volledíger beskryf.

Die volgende klasindelingsreëlings word sedert 1965 in dié skool getref[212]: wanneer kinders in Graad 1 ingeskryf word, word die Suid-Afrikaanse kinders saam met die immigrantekin=ders, wat Engels as huistaal magtig is of Engels in die kleu=terskool aangeleer het, in Graad 1A en 1B ingedeel[213]. Die immigrantekinders wat nie Engels as medium van onderrig magtig is nie word in spesiale immigranteklasse ingedeel : die Portugese word sover moontlik in 'n homogene immigranteklas geplaas en die oorblywende kinders in 'n heterogene immigranteklas[214].

Die voordeel van hierdie klasindeling is dat die Suid-Afrikaanse kinders teen hulle eie tempo vorder en nie gerem word deur die=gene wat die voertaal nie verstaan nie, terwyl die immigrante=kinders Engels as groep aanleer en terselfdertyd die Graad 1-kurrikulum volg. Maar dié klasindeling het ook nadele, wat in hoofstuk 4 aangedui word. Ter wille van diegene wat nie so snel vorder nie, word bogenoemde indeling in Graad 2 gehand=haaf, maar van St. 1 af word die leerlinge saam met die Suid-Afrikaanse kinders in heterogene klasse ingedeel[215].

---

210. Vergelyk paragrawe 3.4.3.1, tabel 14 en kaart 2, en para=graaf 4.3.2, tabel 22.
211. Onderhoud met skoolhoof.
212. Onderhoud met skoolhoof en inspekteur van onderwys.
213. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 31.
214. Loc. cit.
215. Onderhoud met skoolhoof.

3.5 Inhoud

Die leerstof wat in die kurrikula van die openbare en erkende private skool van die ondersoekterrein deur die Suid-Afrikaanse sowel as die immigrantekinders bemagtig moet word[216], word bepaal deur die waardes wat die Suid-Afrikaanse volk as geldig aanvaar[217]. Kennis van een van die amptelike tale, as kul= tuursisteem waarmee die kind die werklikheid kan eksploreer[218], is 'n voorwaarde tot begrip van die leerstof. Daarom is taal die immigrantekind se primêre probleem soos weldra in hoofstuk 4 aangedui sal word. Die immigrantekind wat primêr in 'n vreemde kultuurkring opgevoed word, sal noodwendig vanweë die kultuur= afstand vreemd staan teenoor die Suid-Afrikaans georiënteerde leerstof en moedertaalonderwys[219] en sal probleme met die be= magtiging daarvan ondervind.

Om die kind ten aansien van die werklikheid te oriënteer en te vorm, word die kurrikulum in vakgroepe opgebou, met inagneming van die terreine waardeur 'n mens by die werklikheid betrokke raak, nl. die godsdienstig-sedelike, die taalkundig-literêre, estetiese, die historiese en die sosiaal-politieke, die kom= mersieel-ekonomiese en die matematies-natuurkundige terreine[220].

3.5.1 Godsdiensonderwys

Godsdiensonderwys is 'n verpligte oorkoepelende nie-eksamenvak. Alle onderwys moet 'n Christelike karakter hê wat op die Bybel

---

216. Vergelyk paragrawe 3.4.3.3.1, tabel 15, 3.4.3.3.2, tabel 17, 3.4.3.3.2, tabel 18, 3.4.3.3.3, tabel 19, en 3.4.3.3.4, tabel 20.
217. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. 2029. Staatskoerant no. 3306, 12 November 1971, p. 18.
218. Stoker, H.G. Op. cit., pp. 73 en 54.
219. Oosthuizen, J.H.C. Op. cit., p. 12.
220. Van der Stoep, F. en van der Stoep, O.A. Op. cit., p. 156.

gegrondves is, maar die geloofsoortuiging van die ouers en leerlinge moet geëerbiedig word[221]. Hierdie bepaling is van besondere belang vir die immigrante omdat dit voorkom dat hulle die voorkeur vir Engels as medium van onderrig kan koppel aan geloofsoortuiging[222].

3.5.2 Jeugweerbaarheid

Jeugweerbaarheid word ooreenkomstig die differensiasiebeleid[223] van 1972 af met Voorligting geïntegreer. As gevolg hiervan word Voorligting in drie komponente verdeel, te wete leiding ten opsigte van vak- en kursuskeuse, beroepsleiding en geestesweerbaarheid, om sodoende die kind voor te berei op die werklikheid buite en na skool[224]. Dit sluit ook sielkundige, terapeutiese, remediërende en skoolbesoekdienste in en skakel met die departementele geneeskundige en tandheelkundige dienste.

Jeugweerbaarheid is 'n aspek van die onderwys wat van besondere waarde vir die versuidafrikaansing van die immigrantekind is, maar dit kan tot konflik in die immigrantekind aanleiding gee wanneer die kind na skool in die private immigranteskool in die jeugweerbaarheidsprogram van die land van herkoms voorligting ontvang, of dit reeds as adolessent in die land van herkoms ontvang het[225].

3.5.3 Die taalkundig-literêre vakke

Die taalkundig-literêre vakke wat in die openbare en gewone private skool onderrig word, sluit die twee amptelike tale van die R.S.A., asook 'n derde taal, nl. Duits of Frans, in sekondêre skole in[226]. Voorsiening word ook daarvoor gemaak dat

---

221. Republiek van Suid-Afrika. Wet no. 39 van 1967, art. 2(1).
222. Vergelyk paragraaf 3.4.1.3.
223. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R 2029. Staatskoerant no. 3306, 12 Nov. 1971, p. 19.
224. T.O.D. Die implementering van Jeugweerbaarheid, pp. 1 - 110
225. Vergelyk paragrawe 3.4.3.4.2 en 4.6;
Van Wyk, J.H. Die Christelike skool. Christelike Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika, Studiestuk no. 7, p. 6.
226. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2.

sommige van die moedertale van immigrantekinders as sewende vak in matriek aangebied kan word[227]. Die hele opvoeding veronderstel kommunikasie, en dit is derhalwe essensieel dat die immigrantekind die voertaal so gou as moontlik moet be=meester om by die opvoeding betrokke te wees en om die inhoud van die vakke te begryp. Daarby moet die tweede amptelike taal ook bygebring word. Die onderrig van die taalkundig-literêre vakke word bemoeilik deur die variërende taalonder=rigreëlings en taalkennis waaroor die immigrantekinders be=skik[228]. Daarom moet die bemagtiging van die medium van onderrig die primêre uitgangspunt van die onderwys aan immi=grantekinders wees.

3.5.4 Die estetiese vakke

Die estetiese vakke Musiek, Kuns, Industriële Kuns, Handwerk, Huishoudkunde en Liggaamlike Opvoeding moet die eerste inhoude=like kontakpunte met die immigrantekinders wees omdat hierdie vakke kommunikasie sonder taalgebruik moontlik maak[229].

Kuns bied die geleentheid vir die onderwyser om insig in die wêreld van die "stom" immigrantekind te kry; deur kuns kan die kind uitdrukking aan sy emosies gee, wat hy nie deur taal kan doen nie. Musiek, veral sang, is een van die doeltref=fendste metodes om 'n nuwe taal aan te leer en 'n groepsgevoel te laat ontwikkel. In handwerk kan die kind kreatief pres=teer, terwyl Liggaamlike Opvoeding die immigrantekind laat deelneem aan groepsaktiwiteite.

---

227. Loc. cit.

228. Vergelyk paragraaf 4.3.3.

229. Onderhoud met Grange, Pierre. Centre de Recherche et d'Etude pour la Diffusion du Francais.

Blykbaar word die waarde van hierdie vakke nie altyd besef nie, omdat juis hierdie vakperiodes vir aanvullende taalonderrig gebruik word wanneer daar roosterprobleme is [230].

3.5.5 Die historiese, sosiale en politieke vakke

Die historiese, sosiale en politieke vakke soos Geskiedenis en Aardrykskunde sluit nou aan by die onderwysbeleid van die R.S.A., wat bepaal dat die onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê,

"wat beslag moet kry deur die doelbewuste uitbouing van elke leerling se kennis van die vaderland wat taal- of kultuur=erfenis, geskiedenis en tradisies, nasionale simbole, bevolkings=verskeidenheid, maatskaplike en ekonomiese omstandighede, geo=grafiese verskeidenheid en nasionale prestasies insluit" [231].

Saam met Jeugweerbaarheid moet dit lei tot 'n gesindheid van patriotisme wat gefundeer is op lojaliteit en verantwoordelik=heid teenoor die vaderland, 'n gebalanseerde perspektief en same=werking wat besondere voordeel vir die inburgering van die im=migrantekind bied. Vir die immigrantekind, wat tuis in 'n ander kultuur en volgens ander waardes en norme opgevoed word, bring dit kultuurvermengingsonderwys mee [232]. Jeugweerbaarheid hou besondere probleme in, wat dit noodsaaklik maak dat immigrante=ouers ten opsigte van dié doelstellings daarvan georiënteer word.

---

230. Persoonlike waarneming.

231. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R 2029. Staatskoerant no. 3306, 12 November 1971, p. 18.

232. Vergelyk paragraaf 1.4.5.

3.5.6 Die matematies-natuurkundige vakke

Die matematies-natuurkundige vakke sluit Natuurwetenskap, Biologie, Wiskunde en Meganika in, asook die praktiese tegniese vakke. Vir die immigrantekind wat probleme onder= vind met die medium van onderrig en in die teoretiese weten= skaplike vakke swak presteer[233], is dit aanbevelenswaardig om die praktiese vakke te neem, veral daar dit ook besondere aansluiting vind by die tegniese beroepe van hulle ouers[234].

3.5.7 Die kommersieel-ekonomiese vakke

Die kommersieel-ekonomiese vakke sluit Boekhou, Handel, Ekono= mie, Tik en Snelskrif in. Boekhou kan in plaas van 'n derde taal geneem word en is veral by die immigrantekinders 'n popu= lêrder vak as die histories-sosiale en politieke vakke, omdat hulle minder taalprobleme daarmee het[235].

3.5.8 Bemagtiging van die inhoud

Dit is onvermydelik dat die immigrantekind se bemagtiging van die leerstof volgens die sillabus van elke vak in iedere stan= dard geëksamineer en geëvalueer word met die oog op bevordering volgens die spesifieke slaagvereistes. Evaluering van immi= grantekinders se akademiese prestasie geskied in hoofstuk 4 om vas te stel in hoeverre hulle daarin slaag om die leerstof te verower, tot die Suid-Afrikaanse didakties-pedagogiese situa= sie deur te breek, die kultuurafstand te oorbrug en deur welke organisatoriese maatreëls hulle die beste vorder.

---

233. Vergelyk paragraaf 4.7.2.

234. Vergelyk paragrawe 2.4.1, 3.3.1, tabel 8, en 6.2;
Lawton, D. Op. cit., pp. 38 en 80.

235. Persoonlike waarneming;
Vergelyk paragraaf 4.7.2.

3.6 Metode en hulpmiddels

Die metodes van taalonderrig wat aanbeveel word in geval immigrante nie een van die amptelike tale as voertaal mag= tig is nie, is dié wat vir Engels of Afrikaans as tweede taal geld[236]. Die metodes wat aanbeveel word om Engels of Afrikaans, as tweede amptelike taal aan te leer, is dié wat by die onderwys in 'n derde taal gebruik word[237]. Waar immigrante die twee amptelike tale as voertaal en tweede taal moet gebruik en 'n jarelange agterstand op Suid-Afri= kaners in die tweede taal het, lê dit voor die hand dat hier= die metodes die immigrantekinders nie gou genoeg oor die nodige taalvlotheid sal laat beskik om normaalweg saam met die Suid-Afrikaners te vorder nie. Die gebruik van struk= tuursinne, dialoog, vraag-en-antwoord, mondelinge oefeninge en formele taalonderrig word vir die aanvullende taalonder= rig aanbeveel[238].

Die onderwysdepartemente maak ook voorsiening vir spesiale hulpmiddels soos bandopnamemasjiene, platespelers, ens.[239] Slegs een skool, die parallelmedium sekondêre skool, met 50 (5,6%) immigrantekinders, waarvan 26 Engelssprekend, 18 Kontinentaal-Germaans en ses Diverse immigrantekinders is, beskik oor 'n volledig toegeruste taalpraktikum, wat met groot sukses aangewend word vir die taalonderrig van immigrantekinders[240].

Die skole wat nie oor die dienste van 'n spesiale taalonderwyser beskik nie[241] laat die kind die taal aanleer deur die soge= naamde brush-off method. Die immigrantekind word net direk in

---

236. T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 221.
237. Loc. cit.
238. Ibid., p. 222.
239. Ibid., p. 224.
240. Persoonlike waarneming;
Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
241. Vergelyk paragraaf 3.7, tabel 21.

die klas opgeneem terwyl die normale program met die Suid-Afrikaners gevolg word, maak nie saak of die immigrant die taal ken of nie. Hy moet die taal in die gewone omgang aanleer. Soms word individuele taalhulp in taalonttrekkingsklasse verleen indien die getal immigrante 'n onderwyser regverdig[242]. Die spesiale taalonderwysers maak volgens hulle eie individuele diskresie gebruik van die metodes wat deur onderwysdepartemente aanbeveel word. Verder word die lees-en taalkunde boeke van Afrikaans of Engels as tweede taal aan die kinders gegee om individueel deurgewerk te word. Sodra die immigrante na die mening van die spesiale taalonderwyser en die hoof oor voldoende taalkennis beskik, moet hulle die taalklasse saam met die Suid-Afrikaanse kinders bywoon sonder dat verdere reëlings vir taalnasorg getref word. Primêre skole verskaf soms verdere remediërende onderwys. Waar die immigrantekinders se behoefte aan aanvullende taalonderwys egter met ouderdom toeneem, is die gebrek daaraan in sekondêre skole opvallend[243].

Die onderwyseresse van die twee spesiale Graad 1-immigrante-klasse volg in breë trekke die Graad 1-kurrikulum terwyl hulle ook tegelykertyd die taal bybring. Die isolasie van hierdie leerlinge, wat nie die voertaal magtig is nie, vertraag noodwendig die tempo waarteen hulle die taal aanleer[244].

In die parallelmedium sekondêre skool wat oor 'n taalpraktikum beskik, volg immigrantekinders, wat nie een van die twee amptelike tale magtig is nie, vier dae van die week 'n intensiewe taalkursus in die taalpraktikum, maar op die vyfde dag volg hulle die normale rooster van die Afrikaansmediumklas waarin hulle geplaas is[245]. Die onderwyseres wat op universiteit in tale gespesialiseer het en in taalpraktikumtegniek opgelei is, gebruik haar eie metode van direkte

---

242. Loc. cit.;
Persoonlike waarneming.

243. Persoonlike mededeling deur skoolhoofde.

244. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 31.

245. Persoonlike waarneming en persoonlike mededeling deur skoolhoof en onderwyseres.

taalonderrig deur middel van gesprek en deur die kinders teen hulle eie werktempo te laat vorder. Hulle doen dit met behulp, o.a. van 'n Afrikaanse interpretasie van die Lumku Language Laboratory course, die "Silwerboomreeks", nie-fiksieboeke met prente en beskrywings, leesoefeninge wat gepaard gaan met band-opnames, begripstoetse op band en MAKSIMALE TAALKONTAK met die Suid-Afrikaanse skoliere. Die kinders begin ook direk met skryf- en leeswerk. 'n Oormatige gebruik van woordeboeke word vermy. Deur hierdie intensiewe direkte metode te volg, kan adolessente soms, afhangende van hulle skolastiese agtergrond, milieu en verbale vermoë, binne ses weke by gewone klasse ingedeel word. Daarna ontvang hulle egter voortgesette intensiewe taalonderrig gedurende taalperiodes en na skool.

Alhoewel sommige onderwysers indiensopleidingskursusse ten opsigte van moderne hulpmiddels en tegnieke in taalonderwys ontvang het, is daar tot nog toe geen doeltreffende gespesialiseerde taalmetodiekkursus vir immigrantekinders beskikbaar nie[246]. Die spesiale audiovisuele taalpraktikumkursusse wat wel beskikbaar is, is veral vir volwassenes beplan en sluit die volgende in:

(1) die taalkursus van J.L. du Plooy en I.S. Middleton soos deur A.J. Erasmus hersien en heruitgegee;

(2) 'n geprogrammeerde Afrikaanse kursus vir anderstaliges, getitel "Aangename Kennis" wat deur Magda Wessels en A.P.J. Roux opgestel is;

(3) die kursus van M.A. Bakker, "So sê 'n mens"; en

(4) 'n platekursus opgestel deur Meyer de Villiers.

3.7 Personeel

Behalwe die gewone personeelvoorsieningskaal maak die onderwysdepartemente van Transvaal en die O.V.S. voorsiening vir die

---

246. Persoonlike mededeling deur taalonderwysers.

aanstelling van addisionele personeel by 'n skool, waar die aantal immigrantekinders dit regverdig en waar die skoolhoof sy versoek om sodanige personeelvoorsiening kan motiveer deur 'n geskikte program aan te bied om immigrantekinders te help[247]. In die geval van skole wat naby mekaar gelee is en waar die aantal immigrantekinders in enigeen nie 'n voltydse onderwyser regverdig nie, word die aanstelling van 'n reisende onderwyser oorweeg. Geen besondere kwalifikasies word van hierdie addisionele personeel vereis nie, maar "slegs persone wat professionele opleiding as onderwyser geniet het en in besit is van 'n taalendossement, ten opsigte van bevoegdheid om deur middel van albei tale (Afrikaans en Engels) onderrig te gee, sal oorweeg word vir aanstelling in poste vir immigrantekinders"[248]. Die personeelvoorsiening in die skole van die ondersoekterrein word in tabel 21 uiteengesit.

Volgens tabel 21 is geen addisionele onderwysers, hetsy in permanente of reisende hoedanigheid, by enige Afrikaansmediumskool aangestel nie, al is daar Diverse immigrantekinders wat nie die voertaal so maklik as Kontinentaal-Germaanse kinders aanleer nie. Addisionele onderwysers is wel by Engels- en parallelmediumskole aangestel vanweë die konsentrasie van immigrantekinders. Hierdie spesiale voorsiening vir taalonderrig motiveer weer die voorkeur aan Engels as medium van onderrig[249]. Daar is egter 'n tekort aan Engelssprekende onderwysers in die Engelsmediumskole van die ondersoekterrein, gevolglik ontvang immigranteleerlinge in Engelsmediumskole in 'n groot mate onderrig deur Afrikaanssprekende onderwysers.

---

247. T.O.D.-Omsendbrief no. 79 van 1967.
248. Loc. cit.;
Vergelyk paragraaf 3.4.1.3(9).
249. Vergelyk paragraaf 3.4.1.3.

Personeelvoorsiening in die skole van die ondersoekterrein, 1972*

Skole	Kinders						Onderwysers							
	Kontinentaal-Germaans[1]	Engelse[1]	Diverse[1]	Immigrante-kinders	Suid-Afrikaanse kinders	Totaal Skoolkinders	Totaal onderwysers	Afrikaans-sprekend	Engels-sprekend	Immigrante-onderwysers[2]	Onderwysers (mans)	Onderwyseresse	Addisionele taalonderwysers[3]	Spesiale immigrante-klasonderwysers[4]
Sekondêre skole														
Afrikaans 1	34		2	36	962	998	50	50			20	30		
Afrikaans 2	22			22	1 223	1 245	60	60			20	40		
Afrikaans 3	6			6	332	338	18	18			8	10		
Engels 1	42	94	155	291	319	610	31	24	7		10	21	1	
Private Engels	52	59	89	200	187	387	17	5	12	2	0	17	1	
Parallelmedium	20	25	5	50	841	891	55	51	4		20	35	1	
Tegnies	24	21	12	57	616	673	45	44	1		30	15		
Handel	9	4	3	16	259	275	17	16	1		5	12		
Spesiale skole														
Spesiale parallel-medium	4	5	6	15	371	386	27	27			10	17		
Primêre skole														
Afrikaans 1	12			12	714	726	25	25			2	23		
Afrikaans 2	20			20	643	663	23	23			3	20		
Afrikaans 3	28		2	30	547	577	22	22			2	20		
Afrikaans 4	12		10	22	581	603	21	21			3	18		
Afrikaans 5	7		4	11	491	502	17	17			2	15		
Afrikaans 6	12			12	701	713	24	24			4	20		
Afrikaans 7	21			21	698	719	26	26			4	22		
Afrikaans 8	45		9	54	887	941	31	31			5	26		
Afrikaans 9	22			22	678	700	24	24			4	20		
Afrikaans 10					470	470	16	16			3	13		
Afrikaans 11	17			17	969	986	33	33			4	29		
Afrikaans 12	18		1	19	684	703	24	24			4	20		
Engels 1	11	103	354	468	302	770	28	24	4		4	24	1	4
Engels 2	55	147	57	259	395	654	23	21	3		2	21	1	
Parallelmedium 1	18	56	22	96	566	662	23	20	3		4	19	1	
Parallelmedium 2	20	113	6	139	797	936	31	30	1		4	27		
Totaal	531	627	737	1 895	15 233	17 128	711	676	36	2	177	534	6	4

*Gegewens verstrek deur hoofde van bogenoemde skole.

1) Immigrantekinders, vergelyk paragraaf 1.4.1.3.
2) Hierdie twee immigranteonderwysers is slegs Engels magtig.
3) Hierdie onderwyseresse is aangestel om uitsluitlik taalonderrig aan immigrantekinders te verskaf.
4) Hierdie vier onderwyseresse is volgens die normale personeelvoorsieningskaal aangestel.

Die mannekragtekort in die handel en nywerheid beïnvloed per= soneelvoorsiening in die ondersoekterrein direk. Dit motiveer weer ten dele die immigrasiebeweging, wat 'n toename in die aan= tal immigrantekinders op skool en op sy beurt 'n tekort aan leer= krag te, veral in Engelsmediumskole teweegbring. Verder tree onderwysers soms tot die handel en nywerheid toe sodat getroude vrouens aangestel moet word. Gevolglik is 69% van die onder= wysers soos aangedui in tabel 21 onderwyseresse[250]. Die twee immigranteonderwyseresse vervat in tabel 21 en wat aan die private skool verbonde is, het saam met hulle eggenote geïmmigreer en is nie in die buiteland gewerf nie.

Vyf van die ses addisionele onderwyseresse is gekwalifiseer vir taalonderrig, terwyl die sesde oor B. Comm. en H.O.D. beskik. Vanweë die tekort aan onderwyspersoneel moes die spesiale onderrig in Afrikaans in die Engelsmedium sekondêre skool gedurende 1971 deur 'n onderwyseres wat oor 'n driejarige diploma in Huishoudkunde beskik, gegee word[251]. Geeneen van die taalonderwysers het besondere opleiding met die oog op taalonderrig van immigrante ontvang nie. Sommige van die onderwysers het tot 10 jaar ervaring met sodanige onderwys. Slegs een onderwyseres is opgelei in die taalpraktikum= tegniek[252].

Omdat opvoeding 'n kontinuïteitsakt tussen die opvoeders, dit wil sê die ouers tuis en die medeverantwoordelike onder= wysers in die Suid-Afrikaanse didakties-pedagogiese situasie is, ontbreek die kontinuïteit dikwels in die geval van die immigrantekind, wat tuis primêr in die idiostante kultuurkring van die immigranteouer opgevoed word. Die herstel van die kontinuïteitsakt is gevolglik een van die belangrikste pro= bleme waarmee die onderwyser gekonfronteer word, want dit is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die ontsluiting van die werklikheid

---

250. Gegewens verstrek deur hoofde van skole.
251. Gegewens verstrek deur betrokke skoolhoof.
252. Gegewens verstrek deur hoofde van skole.

vir die immigrantekind[253].

3.8 Die immigranteouers

Die nasionale onderwysbeleid ken 'n plek aan die ouergemeenskap in die onderwysstelsel toe deur middel van oueronderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade[254]. Verder word voorsiening gemaak vir die inskakeling van immigranteouers by die skoollewe deur periodieke saamtrekke, waar hoofde 'n oorsig van die skoolstelsel en organisasie gee en die kinders 'n program kan voordra[255]. In die ondersoekterrein skakel die immigranteouer, vanweë die kommunikasieprobleem, in weerwil van die pogings van hoofde en ouerverenigings, moeilik in, en daar dien tans geen immigranteouer in enigeen van bogenoemde liggame by enigeen van die betrokke skole nie[256]. Immigranteouers dien wel in verenigings en bestuursliggame van die private immigranteskole. Dit wil dus voorkom asof die immigrasieprobleem van akkommodasie in die ondersoekterrein vererger word deur 'n negatiewe houding van die outochtone bevolking en terughouding aan die kant van die immigranteouers[257]. Die nadelige invloed van dié negatiewe houdings word in hoofstuk 4 volledíger bespreek.

3.9 Samevatting

Die jaarlikse toevoeging van ongeveer 7 000 immigrantekinders tot die tradisionele skoolbevolking in die R.S.A. as gevolg van immigrasie[258] het dit nodig gemaak dat die Departement van Immigrasie onder meer oorleg pleeg met die Departement van Nasionale Opvoeding, omdat die Departement van Immigrasie as

---

253. Stone, H.J.S. Gemeenskaplikheid en diversiteit as voorwaarde vir die vergelykende opvoedkunde. Fokus, (1) Mei 1973, p. 55.
254. Republiek van Suid-Afrika. Wet op die nasionale onderwysbeleid, no. 39 van 1967, art. 2(h).
255. T.O.D. Handboek vir skoolorganisasie, p. 48.
256. Persoonlike mededeling deur hoofde van skole.
257. Vergelyk paragraaf 4.5.2.3.
258. Vergelyk paragraaf 2.6.3.

staatsorganisasie nie die inburgering van immigrante alleen kan behartig nie en die onderwys by uitstek die inburgerings=medium is. Die Departement van Nasionale Opvoeding en die onderwysdepartemente van die verskillende provinsies het der=halwe reëlings getref vir die onderwys van immigrantekinders. In hierdie ondersoek word die onderwys van immigrantekinders in 'n beperkte gebied nagegaan om 'n objektiewe beeld daarvan te verkry, leemtes daarin te belig en te bepaal welke didaktiese-pedagogiese situasie die bevorderlikste vir die onderwys van immigrantekinders is.

Die betrokke nywerheidsgroeipunt word in twee verdeel omdat die Onderwysdepartemente van Transvaal en die O.V.S. daarby betrokke is. Die 31 skole, met 17 608 kinders waarvan 2 022 (11,4%)immigrantekinders is, is in sekondêre, primêre en kleuterskole verdeel[259]. Kleuterskole is slegs betrek om bykomende gegewens wat moontlik van waarde vir die ondersoek kan wees, te verkry. 'n Steekproef van 17 primêre en sekon=dêre skole, 300 immigrantekinders en 'n kontrolegroep van 300 Suid-Afrikaanse kinders is deur doelbewuste en gestratifiseerde ewekansige steekproefneming getrek[260]. Die res van die ge=gewens is met behulp van amptelike en nie-amptelike dokumente en persoonlike mededeling deur inspekteurs, skoolhoofde, onder=wysers, kinders en ouers verkry. Die ondersoekster het ook deur persoonlike direkte waarneming oor 'n tydperk van 10 jaar eerstehandse kennis en goeie insig oor die hele aangeleentheid verkry.

Die betrokke 2 022 immigrantekinders se ouers het hoofsaaklik van=af oorbevolkte swaarnywerheids- of agrariese gebiede vanweë ekonomiese oorwegings geïmmigreer om as fabrieks- en konstruk=siewerkers in die plaaslike swaar yster-en-staal- en die petro=chemiese nywerheid te werk[261]. Onder hulle is egter ook pro=fessionele, tegniese, verkoops- en verwante werkers. Hierdie

---

259. Vergelyk paragraaf 3.2.
260. Loc. cit.
261. Vergelyk paragrawe 3.4.3.1, tabel 14, en 3.3.

immigrante is hoofsaaklik in behuisingskemas van die betrokke nywerhede gevestig. Die immigrante is veral van Sentraal- en Suid-Europese lande, sowel as van die Verenigde Koninkryk afkomstig en sluit ook vlugtelinge uit die kommunistiese satellietstate in. Vanweë die sosio-ekonomiese en nasionale herkoms van die immigrante is daar 'n verskil in die skolastiese agtergrond van hulle kinders asook in die kultuurafstand tussen die immigrantekinders en die Suid-Afrikaanse kinders wat in die gemeenskap en in die skole tot konflik aanleiding gee. Die konflik word beklemtoon deur die genetiese vreemdheid van die immigrante sowel as hulle godsdienstige herkoms, omdat die in-migrant en outochtone bevolking van die ondersoekterrein hoofsaaklik Afrikaans, Protestants en van Nordies-Alpynse afkoms is, terwyl 'n groot getal immigrante van Mediterreense afkoms is en soos sommige immigrante van die Dietse stamlande Rooms-Katoliek is. Die Grieke is hoofsaaklik Grieks-Ortodoks.

Volgens hulle taalherkoms kan die immigrante in drie kategorieë verdeel word, te wete Kontinentaal-Germaans 28%, Engels 34% en Diverse 38%, wat al die orige immigrante insluit[262]. Hierdie taalherkoms bepaal grootliks hoe gou kommunikasie in die didaktiese-pedagogiese situasie, afhangende van die voertaalkeuse van die immigrant bewerkstellig kan word om die opvoedingstaak voort te sit en die intraverhouding te verbeter.

Die voertaalkeuse word sedert 16 Mei 1969 deur Goewermentskennisgewing no. R 809 bepaal, terwyl dit vroeër deur Ordonnansie no. 29 van 1953 in Transvaal en Ordonnansie no. 16 van 1954 in die O.V.S. bepaal is. Op grond van die bepalings is Afrikaans die medium van onderrig van 70% van die leerlinge in Transvaal, 90% in die O.V.S. en 89% in die ondersoekterrein[263]. Immigrante vestig hulle dus in 'n oorwegend Afrikaanssprekende milieu. Die implikasies van die bepalings is egter dat 100% van alle immigrante met Engels as huistaal, Engels as medium van onderrig moet kies. Die verdere bepalings dat die voertaal die taal

---

262. Vergelyk paragraaf 3.3.5.
263. Vergelyk paragraaf 3.4.1, tabel 13.

is wat die leerling die beste ken of verstaan, of in die geval van leerlinge wat nóg Afrikaans nóg Engels ken of verstaan, die amptelike taal is wat die ouer kies, bring mee dat Kontinentaal-Germaanse en Diverse immigrantekinders wat Engels as tweede taal op skool in die land van herkoms of in die kleuterskool geneem het, ook Engels as voertaal kies[264]. Gevolglik kies 45% van die universum Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders en 97% van die universum Diverse immigrantekinders Engels as medium van onderrig. 'n Kunsmatige situasie ontstaan dus waarin 81% van die universum immigrantekinders in die oorwegend Afrikaanssprekende (91%) ondersoekterrein Engels as medium van onderrig kies[265]. Die motiewe waarom die immigrante voorkeur aan Engels as voertaal gee, met die uitsondering van Engels as natuurlike ouer keuse, is nie altyd opvoedkundig verantwoordbaar nie. Afrikaans as medium van onderrig is slegs deur 60% van die universum Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders en 3% van die universum Diverse immigrantekinders gekies om streng opvoedkundige oorwegings[266]. Die voorkeur aan Engels as voertaal motiveer die akkumulering van immigrantekinders in Engelsmediumskole.

Die skoolpligbepaling van die R.S.A. (6 - 16 jaar) verskil in die immigrante se lande van herkoms, sodat leerlinge uit ekonomies arm lande waar die skoolplig tot 12/13 strek, weer alhier skoolpligtig word terwyl ander weer reeds op 5 jaar skoolpligtig was[267]. Die verskil in skoolplig bemoeilik die plasing van immigranteleerlinge.

Die tipes skole wat deur immigrantekinders in die ondersoekterrein besoek word, sluit kleuterskole, openbare primêre en sekondêre skole en private skole in. Die verspreiding van immigrantekinders in die skole van die ondersoekterrein toon

---

264. Vergelyk paragraaf 3.4.1.2.
265. Loc. cit;
Vergelyk paragraaf 3.4.1, tabel 13.
266. Vergelyk paragraaf 3.4.1.4.
267. Vergelyk paragraaf 3.4.2.

dat die persentasie immigrantekinders in Engelsmediumskole > 40% is en in die Engelse taalgroep van parallelmediumskole tussen 5 - 15% lê, terwyl die persentasie immigrantekinders in Afrikaansmediumskole altyd < 5% is[268]. Stedelike groepsvestiging van immigrante, die negatiewe houding, veral van die Afrikaanssprekende outochtone bevolking en die affiniteit van sommige etniese groepe, werk groepsvestiging in die hand, lei tot segregasie, ghettovorming en tot opeenhoping van Portugese kinders in die een Engelsmedium primêre skool en kinders afkomstig van die Verenigde Koninkryk in die ander Engelsmedium primêre skool. Sodanige opeenhoping bevorder isolasie van immigrantekinders vanweë die daarmee gepaard gaande uitwyking van die outochtone bevolking. Voorts het dit 'n nadelige invloed op die getalsverhouding van immigrantekinders tot Suid-Afrikaanse kinders in verskeie skole van die ondersoekterrein.

Kleuterskole bied aan immigrantekinders die geleentheid om die voertaal paties aan te leer voordat hulle skoolpligtig word. Die tendens vir immigrantekinders om Engels as voertaal te kies, is reeds in hierdie skole duidelik. Daarom moet dit as 'n besliste leemte beskou word dat daar in die yster-en-staalnywerheidsgebied nie 'n Afrikaansmediumkleuterskool bestaan nie.

Al twee amptelike tale vorm deel van die kurrikulum van die openbare primêre skool, en alle immigrantekinders moet dit van Graad 1 af neem. Engels is die voertaalkeuse van 81% van die immigrantekinders in die primêre skole[269]. Talle immigrantekinders moet die voertaal aanleer voordat hulle die normale kurrikulum kan volg, en boonop moet hulle ook 'n aanvang maak met die studie van die tweede amptelike taal. Albei verswaar hulle skolastiese taak, en daarom word die bevordering van immigrantekinders aan die diskresie van die hoof en die inspekteur oorgelaat.

---

268. Vergelyk paragrawe 3.4.3.1, tabel 14, en 4.3.2, tabel 22.
269. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.1.

Immigrantekinders in sekondêre skole, wat van 1973 af kompre=hensiewe eenhede word, volg dieselfde kurrikulum as die Suid-Afrikaanse leerlinge en neem dikwels ook nog hulle moedertaal as sewende vak[270]. Ook hulle bevordering word aan die dis=kresie van die skoolhoof oorgelaat. Die Gemeenskaplike Ma=trikulasieraad het ook verskillende konsessies ten opsigte van St. 10-immigranteleerlinge gemaak.

Aanpassingsklasse is by sekondêre skole in Transvaal ingestel vir ouer leerlinge wat nog nie die St. 6-peil bereik het nie. Hierdie funksie word van 1973 af deur die Praktiese Beroeps=gerigte Kursus oorgeneem. Daar is 'n tendens vir immigrante=kinders om in die aanpassingsklas te akkumuleer, wat stellig ook die neiging in die Praktiese Beroepsgerigte Kursus sal wees.

Vanweë die beskermingsfunksie van die Immigrantekeurraad is daar slegs 'n geringe aantal immigrantekinders in die Spesiale skool. Verstandelik agterlike immigrante of immigrante met ernstige skolastiese vertraging skep 'n besondere probleem in die skool, aangesien hulle behalwe hulle ander agterstande ook nie die voertaal ken nie.

Solank immigrantekinders aan skoolpligvereistes voldoen, staan dit hulle vry om 'n private immigranteskool te besoek. Die Engels=medium private skool in die ondersoekterrein word deur 200 immi=grantekinders, d.w.s. 51,4% van die skooltotaal besoek[271]. Van=weë die natuurlike neiging onder immigrante om hulle taal en kul=tuur te behou, is ook Duitse, Franse, Italiaanse, Griekse en Por=tugese private immigranteskole in die yster-en-staalnywerheids=gebied gestig. Daar word later 'n verklaring gesoek vir die afwesigheid van hierdie skole in die petrochemiese nywerheids=gebied. Hierdie anti-nasionale private immigranteskole rem klaarblyklik die inskakeling van immigrantekinders in die Suid-Afrikaanse milieu, lei tot die totstandkoming van private

---

270. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2.
271. Vergelyk paragraaf 3.4.3.4.1.

immigrantedagskole en tot isolasie van immigrante, wat die ver=suidafrikaansing van immigrantekinders vertraag. Die funksione=ring van sommige van hierdie skole in lokale van sekere Rooms-Katolieke en Engelsmedium sekondêre skole dra moontlik by tot die groot aantal immigrantekinders in die gasheerskole.

Immigrantekinders word normaalweg direk in gewone klasse inge=deel en gaan met die normale skoolwerk aan. So word getrag om die intraverhouding in die sekondêre idiostante kultuurkring so min as moontlik te versteur. Indien 'n taalonderwyser beskik=baar is, word immigrantekinders gedurende taalperiodes hergroe=peer vir spesiale aanvullende taalonderrig. Diegene wat nie die voertaal magtig is nie, ondervind die mees frustrerende taalprobleme wanneer hulle saam met die Suid-Afrikaanse leer=linge in die gewone klasse sit en hoogstens een of twee periodes aanvullende taalonderrig per dag ontvang.

Immigrantekinders wat nie in St. 5 geslaag het nie, geen na-primêre onderwys ontvang het nie, of elders reeds in 'n betrek=king gestaan het, word direk in die aanpassingsklas geplaas of kan van skoolbesoek vrygestel word. Vanweë die oorwig immi=grantekinders (60,9%, waarvan 51,5% Portugese is) in die Engels=medium primêre skool no. 1, is spesiale klasse vir immigrante in die junior primêre afdeling ingestel om te probeer voorkom dat immigrante die Suid-Afrikaanse kinders se vordering rem en om immigrantekinders die geleentheid te gee om die voertaal aan te leer[272].

Die leerstof wat in die kurrikula van die openbare en die pri=vate skool vervat is, staan in die lig van die waardes wat die Suid-Afrikaanse volk as geldig aanvaar en veronderstel kennis van die amptelike tale waarmee dié werklikheid vir die kind ontsluit kan word. Die immigrantekind, wat primêr, tuis in 'n vreemde kultuurkring opgevoed word, staan noodwendig vreemd teenoor die Suid-Afrikaans georiënteerde leerstof en waardes en ondervind gevolglik verskillende probleme om die verskillende

---

272. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1.

vakgroepe, waarin die werklikheid afgetregter is, te bemagtig. So byvoorbeeld word Jeugweerbaarheid ooreenkomstig die differensiasiebeleid besonder hoog aangeslaan vir die versuidafrikaansing van immigrantekinders - maar dit kan juis aanleiding gee tot konflik wanneer dit nie ooreenstem met soortgelyke oriënteringsprogramme in die immigrante se lande van herkoms nie.

Die primêre uitgangspunt van die onderwys aan immigrantekinders in die taalkundig-literêre vakke moet die bemagtiging van die voertaal wees. Die estetiese vakke is van groot potensiële waarde as kontakpunt met immigrantekinders, omdat dit kommunikasie sonder taal moontlik maak. Dit word egter nie na wens as sodanig benut nie. Die histories-sosiale en politieke vakke dien die onderwysbeleid waarvolgens alle onderwys 'n nasionale karakter moet hê. Hierdie vakke hou besondere voordeel in as pedagogiese middel vir die inburgering van die immigrantekind. Die matematies-natuurkundige vakke sluit nou aan by die tegniese beroepe van die immigranteouers, en immigrantekinders presteer in die reël daarin. Die kommersieel-ekonomiese vakke is, vanweë minder taalprobleme en die ekonomiese motief van immigrasie, populêr onder immigrantekinders.

By gebrek aan 'n doeltreffende, gekoördineerde taalkursus vir immigrantekinders gebruik onderwysers hulle eie diskresie om Engels of Afrikaans te onderrig volgens die tweede- en derdetaalonderrigmetodes. Waar daar egter nie spesiale taalonderrig aan immigrantekinders verskaf word nie, moet hulle die taal deur die sg. brush-off method aanleer. Alhoewel daar in beginsel voorsiening gemaak word vir spesiale hulpmiddels soos bandopnamemasjiene vir taalonderrig, beskik slegs die parallelmediumskool oor 'n taalpraktikum.

Immigrantekinders word normaalweg direk in klasse ingedeel. Daarenteen is die groepering van Graad 1-immigrantekinders in afsonderlike klasse in skole waarin hulle akkumuleer egter suksesvol, aangesien hulle die Graad 1-kurrikulum volg terwyl hulle die taal aanleer, maar hulle isolasie belemmer noodwendig die tempo waarteen hulle die taal aanleer. Die suksesvolste klasindelingsmetode vir leerlinge wat die taal gnosties aanleer, is om hulle 'n

intensiewe taalkursus in die taalpraktikum te laat volg en ook optimale taalkontak te bevorder deur hulle saam met Suid-Afri= kaanse kinders in klasse te plaas.

Waar die aantal immigrantekinders dit regverdig, word voorsien= ing gemaak vir die aanstelling van addisionele personeel. Vanweë die oneweredige verspreiding van immigrantekinders kom slegs die Engelsmedium primêre en die parallelmedium primêre skole vir ses ekstra onderwysers in aanmerking. Die algemene tekort aan Engels= sprekende onderwysers veroorsaak dat immigrantekinders in Engels= mediumskole dikwels onderrig van Afrikaanssprekende onderwysers ontvang.

Die onderwysers is opgelei om kinders in die sekondêre idiostan= te Suid-Afrikaanse kultuurkring op te voed, wat 'n kontinuïteits= akt veronderstel tussen die ouers as primêre en die onderwysers as sekondêre opvoeders. Hierdie kontinuïteit ontbreek egter in variërende mate in die geval van immigrantekinders, en die her= stel van die kontinuïteit van opvoeding is gevolglik die primêre probleem waarmee die pedagoog gekonfronteer word.

Alhoewel die nasionale onderwysbeleid aan die immigranteouers 'n plek in die ouergemeenskap toeken, skakel die immigranteouers vanweë die kommunikasieprobleem moeilik in en kom hulle nie in die betrokke skole se beheerrade, skoolkomitees of besture van oueronderwysersverenigings voor nie. Immigranteouers dien wel in die besture van private immigranteskole. Dit wil dus voor= kom asof die immigrasieprobleem van gebrekkige akkommodasie, wat met 'n negatiewe houding gepaard gaan, wel in die ondersoek= terrein aanwesig is en 'n nadelige invloed op die onderwys kan hê.

Dit is vervolgens nodig om die probleme wat met die onderwys van immigrantekinders ondervind word, soos in hierdie hoofstuk aangedui, sistematies te beskryf. Dit is voorts noodsaaklik om te bepaal hoe die immigrantekinders in die didakties-pedagogiese situasie van die ondersoekterrein die kultuurafstand oorbrug, die leerstof verower en presteer met inagneming van die genoemde organisatoriese maatreëls en probleme. Langs hierdie weg kan moontlike aanbevelings gedoen word om die kontinuïteit en effektiwiteit van die opvoeding van immigrantekinders te verhoog.